CACHET

APTEEK

U PLUS APTEEK

Tomstraat 92

die WAPAD

- Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI NOMMER 12 — VRYDAG 18 JUNIE 1976

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

# Dr. Treurnight praat oor volkerebeleid

**IN 'n baie interessante toespraak het dr. A. P. Treurnicht, die Adjunk-minister van Bantoesake, op 7 Junie 'n vergadering van die Politiese Raad toegespreek oor die vraag: „Waar gaan ons hiervandaan met ons volkerebeleid?"**



Mej. J. Meintjies, dr. A. P. Treurnicht, mej. Marietjie van Wyk en mnr. Peet Badenhorst vir 'n oomblik meer ernstig tydens dr. Treurnicht se besoek aan die Puk.

Dr. Treurnicht het gesê dat die volgende punte in gedagte gehou moet word wanneer ons oor volkereverhoudinge praat:

1. Ons moet deeglik rekening hou met die volkereverskeidenheid en besef dat dit nie ongedaan gemaak kan word sonder die vernietiging van een of ander volk nie.

2. Dit is belangrik dat ons die mens binne die volkereverband as mens sal raaksien en waardeer.

3. As gelowiges glo ons dat God die blankes in hierdie land geplaas het naas andere volkere, en dat ons, naas die ander volkere, ons eie kultuur moet uitleef.

4. Volkereverskeidenheid behels meer as net die feit dat daar verskillende rasse is. Faktore soos taal, rasbiologiese trekke, geloof en kultuur speel 'n belangrike rol en dit bepaal die eie identiteit van 'n volk, wat beskerm moet word.

Dr. Treurnicht het gesê dat Suid-Afrika baie kritiek verduur weens sy volkerebeleid. Hierdie kritiek is egter ongegrond, soos hy in sy toespraak aangetoon het.

Kritiek spruit voort uit sekere verkeerde beskouing van die geskiedenis, het dr. Treurnicht aangetoon. Dit kom vanuit die Liberalistiese geringskatting van die volk of nasionalisme, en die oorbeklemtoning van die individualisme wat nie rekening hou met die mens binne gemeenskapsverband nie. Die Liberalisme sien die enkeling slegs as deel van 'n groot wêreldgemeenskap en misken sodoende die volksverbande.

Suid-Afrika se volkerebeleid word ook gekritiseer volgens die gedagte van „geendiskriminasie". Die individualisme sien dit dat enige individu van watter volk ook al aan enige persoon van watter volk ook al gelyk is in enige situasie. Dit is egter nie die beleid van die Nasionale Party nie, want dan kan daar nie sprake wees van afsonderlike vryhede nie.

Dr. Treurnicht het ook kritiek uit ander oorde bespreek en goeddeurdagte teenargumente aangevoer.

Die begrip „selfbeskikking" vorm 'n belangrike deel in die toepassing van ons volkerebeleid. Dr. Treurnicht het beklemtoon dat hierdie begrip 'n algemeen aanvaarde gedagte dwarsdeur die wêreld is, bv. by die VVO, en dat dit nie 'n uitvindsel van die Nasionale Party is nie.

Volgens dr. Treurnicht is die grondbeginsel van selfbeskikking: wie regeer oor 'n volk? Dit impliseer dat geen volk aan 'n ander ondergeskik wil wees nie en die maksimum mag oor homself wil hê, sonder om daardie magte te delegeer.

Voogdyskap, waar die beskawingsmondige voogdyskap uitoefen oor die beskawingsonmondige volke, het nog altyd in Suid-Afrika sy plek gehad, voel dr. Treurnicht. Dié toestand is egter geensins staties nie, maar moet lei tot politieke selfbeskikking, soos tans die geval in Suid-Afrika is.

Die Nasionale Party se benadering ten opsigte van ons volkereverhouding is volgens hom soos volg:

1. Die werklikheid van volkereverskeidenheid word erken. Lede van die verskeie volkere het egter steeds vele ontmoedigingspunte, soos wedersydse hulp en die deel van kennis.

2. Afrikaner nasionalisme en die breër blanke nasionalisme word gekoester en so ook die (ontwakende) bruin en verskeie swart nasionalismes. Hierdie onderskeie nasionalismes sal ontwikkel en afstuur op die grootste mate van selfbeskikking. Die bestaan van een oorkoepelende swart nasionalisme word nie aanvaar nie.

3. Die bestaan van verskillende nasionalismes hef nie die gesonde persoonlike verhoudinge tussen volkere op nie.

Die doel van die Nasionale Party se volkerebeleid is volgens hom om te lei tot 'n eie politieke bestel van elke afsonderlike volk. Elke volk sal soewereiniteit oor sy eie onderdane hê deur middel van selfbeskikking en eie parlemente.

Die stedelike Bantoes sal, volgens die beginsel van volkereverskeidenheid, gekoppel word aan hulle onderskeie tuislande waar hulle belange verteenwoordig sal word deur middel van hul eie parlemente.

Dr. Treurnicht voel ook dat elke gemeenskap die reg het om beskerm te word teen besittingsaansprake van ander gemeenskappe. Om dit te bereik is dit noodsaaklik dat daar genoegsame fasiliteite binne eie gebiede moet wees waarvan die grootste moontlike aantal persone gebruik kan maak.

Dr. Treurnicht het dit sterk beklemtoon dat alhoewel die volkerebeleid van die Nasionale Party sal lei tot soewereine, selfregerende state, daar steeds behoefte aan kontak tussen al hierdie volkere behoort te wees. Hier is veral belangrik wedersydse belangstelling, regte optrede op arbeidsgebied, hulp in tye van nood en goeie verhoudings op die gemeenskaps- en persoonlike vlak.

# Studentelewe na die Kaap

**DIE Alabama Studentegeselskap staan weer op die punt van nog 'n groot toer. So in die stille het 45 studente intussen 'n program op die planke gebring wat hulle hierdie jaar na die Kaap gaan neem.**

*ALABAMA*



‚Kleur, klank, ritme, lewe'. Die spontaniteit waarmee die groep studente die genot van jonkwees uitbeeld is reeds die afgelope 10 jaar die sukses- en gewildheidsresep van Alabama.

Vanjaar se program dui 'n beginrigting aan wat Alabama in wil beweeg. Die eerste gedeelte van die program bestaan weer uit die tradisionele revue. In hierdie deel van die vertoning is daar 'n hele aantal bekende en gewilde nommers. Die tweede deel het 'n sentrale tema of uitbeelding, naamlik — Die vrolike studentejare. Hier word verskeie grepe van die lewe van 'n student d.m.v. klank, kleur, kostuums, beweging en dekor uitgebeeld. Die aankoms, ontgroening, karnaval, intervarsity sommer alle aspekte word gedek, tot die hereksamen.

Dit is veral in die laaste gedeelte van die program, wat

* Vervolg op bladsy 7



# Pen, kwas & kamera

## Mense om my

**DIE mense om my, wie is hulle? Ek sien hulle elke dag, leef saam met hulle, maar — leef verby hulle. Wat weet ek nou eintlik van een van hulle? Ek loop al vir hoeveel jaar die pad saam met hierdie mense, tog weet ek weinig van die werklike mens, die een binne die omhulsel van vriendelikheid.**

Een vang soms my aandag vas, dan kan ek sit en staar, staar na hierdie mens wat so heel anders is as enige ander mens. Tog, met my oë kan ek die persoon nie binnedring nie. Watter maalkolk van gedagtes draai agter die kalm gesig? As haar oë myne vang, glimlag haar lippe, glimlag uit gewoonte, omdat dit goed en reg is om vriendelik te wees. Die glimlag verklap egter niks van haar ware gemoedstoestand nie, dit is sorgvuldig weggebêre vir nuuskierige oë. Wie is hierdie mens tog werklik?

'n Ander se oë staar leeg, lewenloos terug. Geen gevoel word in die oë weerspieël nie, tog sien ek in die rustelose bewegings van die hande dat daar wél gevoel in hom is, rustelose gevoelens wat sy hand laat tas, tas na iets om aan vas te hou, emosies wat hom wild na 'n anker laat soek. Hy wys dit egter nie, want 'n man mag tog immers nie sy emosies toon nie! Daarom staar hy net terug, bou hy met sy oë 'n ondeurdringbare skans om hom sodat geen mens kan of mág verstaan dat daar 'n geroep om hulp, om begrip in sy siel weerklink nie.

Die een wat met neergeslane oë sit, is sy bang vir n ander se blik omdat sy nog nie geleer het om haar emosies ágter haar oë gevange te hou nie? As sy skelm opkyk, sien ek tog dat die oë wasig lyk. Die oë dra 'n boodskap oor: 'n Siel in Smart en rou smag na 'n woord van vertroosting; maar my spraak het opgedroog. Ek, wat so dikwels te veel te sê het, woorde rondslinger wat nutteloos, of, nog erger, ander seermaak, ek is stomgeslaan wanneer een paar van die oë om my 'n woord van meegevoel vra. Die oë word 'n beskuldiging wat aangroei in my gewete, aangroei tot ek my eie oë neerslaan.

Hoe anders is die oë van 'n babbelende kleutertjie nie? Daarin lê sy hele wese opgesuit, daaruit straal sy vreugde, vloei sy hartseer en pyn, sonder enige terughouding. Hy kan met soveel onbegrip staar na Ma en Pa wat stry, mekaar met harde woorde slaan, want ook sy liefde vir albei lê naak in sy oë. Sy oë dans van blydskap om albei gelukkig te sien en sy mond roep sy vreugde uit.

Wat het van hierdie vreugde in die mense om my geword? Die jare het dit gedemp sodat daar net die skeef trek van die lippe oorgebly het. Waar is my glimlag, my oë-lag vir 'n ander mens? Dit is toegewaai onder die stof van my selfsug en selfbejammering, die kommer oor my eie probleme.

I. D. Hoogenboezem (Mej.)

## Pen

MY voete kraak oor wit wintergras.
Stoppels en verlede — seisoen — takke vul die landskap — onbruikbaar en stil steek lang arms die lug in.
Alles is dood;
al wat lewe is 'n rooi-kannablom —
'n blom wat soos 'n gevaarteken pryk
tussen 'n landskap wat vergeet het om te lewe.
Bolangs is dit dood,
kwyn alles — maar...
onder die grond lewe dit!
Daar woel en werskaf alles

## ..en..

Bolangs sterf die boom,
maar ondergronds skiet sy wortels na alle rigtings
en maak kos bymekaar.
om te verjaar
en drie angeliere in 'n glasie water
en 'n wit kaartjie met
ek is lief vir jou...

## ..en..

As jy maar net weet...
Dat chips in die parkie meer beteken.
En 'n bossie wilde blommetjies.
Dat ek liewer saam met jou langs die grootpad sal wil loop
en kosmos pluk.
As jy maar net besef dat alles eintlik om jóú gaan...



# Pen... Pen... Pen...

**AS ons maar werklik kon luister, maar nou is ons horende doof — stok doof vir al die wonderlike geluide om ons.**

As ons maar werklik kon luister na die sprake van God in die natuur, dan sou ons Hom hoor as Hy tot ons spreek deur die sagte suising van die aandwindjie, dan sal ons Sy seënende stem hoor wanneer Hy genadiglik die reën oor ons uitstort, dan sal ons saam met die diere van die veld ons dank vir Sy genade in loftinge kan uitstort.

As ons maar werklik kon luister wanneer diegene wat as wagters oor ons aangestel is ons vermaan, dan sal ons nie maar sommer hulle woorde in eiegeregtigheid verwerp nie, maar dan sou dit ons tot selfondersoek en verootmoediging dwing.

As ons maar werklik kon luister na die noodkreet van diegene wat nie genoeg het om te eet en aan te trek nie, dan sou die smeking in kinderstemmetjies, stemme van die minderbevoorregters ons in die hart gryp en in ons ore skryn. Miskien as die hulpgeroep van die dowes ons hardhorende ore nie ontgaan het nie, sou ons die voorreg om te kan hoor sulks waardeer.

As ons maar werklik kon lui ter, dan sou die hulpgeroe van die heidendom in donk Afrika ook tot ons deurdrin sodat ons ook daar ons plig s doen, dan sal ons ore ook oo gaan vir die heidendom in o eie land — sal ons ook d vreemdeling in ons eie poor probeer kersten.

As ons maar werklik ko luister na die Woord van Go dan sou dit ons ore open v al die ander dinge, vir Sy ope baring in die natuur, vir d woorde van ons naaste, ons g wete, vir die hulpgeroep va diegene wat op ons pad geplaa het. As die sprake van d vleesgeworde Woord maar d weg deur ons ore tot ons hart kon vind, wie sou dan no hardhorend kan wees?

I. D. Hoogenboezem (Mej.)

# Kwas... Kwas... Kwas...




## Is dit opwinding?

WANNEER daar vir jou voordeur is...
of 'n pakkie in die pos...
of 'n uitnodigingskaartjie na 'n partytjie...
of telefoon...
'n boodskap oor die radio...
op en op in 'n mallemeule
'n nuwe rok...
'n bos blomme,
of net 'n roosknop...
Alles wat my so bly gemaak het...
maak my nou so hartseer...
Die briefie wat jy eendag in die klas vir my gegee het;
die droë wit roos wat jy vir my gepluk het;
die hangertjie en die oorkrabbertjies...
die verjaarsdagkaartjie... Die foto...
die poster van die son en die bome;
die lekkergoedpapiertjie... die operaprogram en die spyskaart van die Carlton Hotel...
Alles maak my so hartseer,
want jy's nou weg!
Jou plek is leeg en Saterdagaande sit ek en swot...
want daar's niks anders om te doen nie.

**GEEN STUDENT MAG DIE WAPAD NIE LEES NIE!!**

## LIEFDE

LIEFDE is wonderbaar
Misterieus,
Geheimenisvol
En sal altyd so wees
Liefde sal deurdring
Waar niks anders sal gaan
Wie kan die weë
Van liefde verstaan?
Liefde verander —
Dit transformeer
Die eenvoudigste plek
In 'n hemelse feer.
Liefde is vriendelik
in tye van smart;
Dis geheel sonder selfsug
Want dit dink met die hart.
Liefde is dit
Wat ons almal begeer;
Dit is die taal
Wat die hart spreek en leer.
Liefde word nooit gekoop nie
... dis vry
Dis 'n misterie-wonder
En sal dit altyd bly.

Helen Steiner-Rice

# *Pukke besoek Lenasia- en Soweto-gemeentes*

## Indiërs genooi om die Puk te besoek

**SATERDAG 22 Mei breek aan vol van die entoesiasme van 14 Pukke wat meer wil weet van Lenasia en Soweto. Hierdie groep gemobiliseer deur Politica o.l.v. Hendrik Olivier vertrek dan reeds vroeg die môre vanaf die kampus.**

In Lensasia word die groep ontmoet deur ds. Lubbe, leraar van die „Reformed Church of Africa'. Ek is leraar en nie sendeling verduidelik ds. Lubbe. Alhoewel die kerk deur sendingwerk tot stand gekom het, is d:t volwaardig kerk waarvan eke lidmaat op sy beurt sendingwerk doen. Oor die kerk se naam vertel hy dat op die afgelope sinodesitting van die „Indian Reformed Church", soos die kerk eers bekend was, die „Indian" verwyder is. Die kerk van Christus mag nooit beperk word tot Indiërs of welke etniese groep ook al deur name of sinodebesluite nie.

Die groep maak kennis met lede van 'n onderwyshulpvereniging — almal lede van Lenasia. Die vereniging bestaan uit onderwysers en onderwysstudente wat vrywillig onderwys verskaf van ongeskooldes van Lenasia. Hierdie ongeskooldes kan nie onderwys ontvang omdat hulle deur wetgewing verbied word om skool by te woon.

Die groot groep word in drie verdeel en Lenasia word van nader bekyk. Die multimiljoen moskee wat deur die Moslemgemeenskap opgerig is vorm 'n skrillende kontras met die sg. „two-rooms". Hierdie „two-rooms" is klein huisies bestaande uit 2 vertrekke wat die tragiese getuienis is van vroeëre onmenslike hervestigingspraktyke. (Die Indiërs is uit die slums van Fordsburg in die nuwe slum hervestig).

Die groep Indiërs waarmee die Pukke kennis maak is heel gematigd. Hulle voel dat: „We've been dumped by the Wh:tes" maar ook dat die fout in ons almal lê as mense. Daar word gewys op wat rykdom aan mense maak — ook ryk Indiërs loop deur onder kritiek.

Die kontak word meer as net 'n terloopse besoek. (Soos mens aan 'n dieretuin kon gedoen het.) Vriendskapsbande word gesmee. Die Indiërs word vir 'n besoek na die P.U. genooi en 'n lekker kuier word afgesluit om na Soweto te gaan.

By Soweto word die Pukke deur 'n plaaslike skoolhoof ontvang. Die kontak is nie so openhartig en gesellig as by die Indiërs nie. Mens kry die indruk dat die skoolhoof bang is om aanstoot te gee of te veel te sê. Mnr. Naude, jeugwerker van die N.G.-sendingkerk, wys ons op die goeie werk wat deur die kerk gedoen word. Na 'n toer waar mens onder die indruk gekom het van die algemene swak toestande keer die groep terug.

Politica voel na hierdie toer om d.m.v. 'n pamflet Lenasia en Soweto onder die Pukke se aandag te bring.



Politica in Lenasia. Sittende in die middel is ds. Lubbe wat die groep ontvang het.

## *DIE A.S.B. EN NUSAS*

WAT?

★ Die A.S.B. is 'n nasionale standpuntorganisasie van Studenterade van Afrikaanse universiteite en kolleges. So staan dit dan ook vir hul studente;

★ Die A.S.B. bestaan vir studente en dien hul belange deur die binding van Studenterade;

★ Die A.S.B. bind besture van verenigings op kampusse waar die S.R. nie lid is nie;

WAAROM?

★ Die Afrikanerstudent eis vir homself die reg op om sy eie te handhaaf en te bou;

★ Die Bybel is die grondslag vir sy strewes;

★ Die grondslag is die bindkrag waardeur Afrikanerstudente in die A.S.B.

1. hulself slyp vir akademiese standpuntstelling oor enige aktuele saak;
2. hul studentebelange koördineer en uitleef ;
3. meehelp tot die uitvoer van die beleid van afsonderlike ontwikkeling;
4. hul identiteit uitbou sonder om ander hierdie reg te ontsê.

SKAKEL

★ D.m.v. Studenterade met anderstalige en anderskleurige studente;

★ kanaliseer sy standpunt en eerlike bedoelings deur pogings wat vir hom sinvol is;

★ bind sy studente saam en skep vir hulle kommunikasiekanale op elke vlak van die lewe.

HULP

★ A.S.B. doen praktiese projekte onder nie-blankes in ons land en bou so aan Suid-Afrika en sy ideale;

★ A.S.B. loods projekte onder blankes.

DIT IS NUSAS

★ Besit slegs 5% van alle Engelstalige studente se steun;

★ Belangrikste geldbronne is twee oorsese kommunistiese frontorganisasies: World University Services (WUS) en Liberational University Exchange Fund (LUEF);

★ Werk doelbewus vir polarisasie tussen wit en swart op die swartmag patroon en die kommunistiese resep van dialektiese materialisme;

★ Bogenoemde instansie se simpatie lê by die Terroriste organisasies en verbode kommunistiese organisasies;

★ Politieke partye word op instigasie van NUSAS belet op NUSAS-geaffilieerde kampusse;

★ Het 'n program opgestel om SASO te help met opleiding en voorligting om Swart Mag te bevorder;

★ Studiegeld vir gevangenes word uitsluitlik beskikbaar gestel vir mense wat vonnisse weens sabotasie en ondermyning uitdien;

★ Help aktief oorsee om Suid-Afrika se naam te beswadder en oefen invloed uit ten gunste van boikotte;

★ Beweer dat die Stembus nutteloos is as 'n middel tot verandering;

★ Poog om bestaande orde omver te werp en te vervang deur 'n anti-kapitalistiese stelsel — by tye beskryf as swart sosialisme.

★ Poog om deur nywerheids- en arbeidsonrus wit en swart teen mekaar af te speel en selfs tot geweld oor te gaan.

(Laasgenoemde organisasie volgens die vierde tussentydse verslag van kommissie van ondersoek na sekere organisasies).

## Die Beplanningsvereniging is steeds aan die lewe

**JA Pukke daar bestaan wel so iets, nou wel nie so bekend nie maar hou maar die duikweg — en ander kennisgewingborde — dop in die vervolg vir ons interessante aktiwiteite.**

En moenie die intervarsity vergeet wat ons die 31 Julie met die Tukkies en Witsies gaan hou nie. As die Mooirivier nie besluit het om die Fan:e du Toit in te neem die 20e Maart nie, sou dit reeds plaasgevind het, maar omdat hulle nie met kano's kon rugby, hokkie en sokker speel nie, moes dit uitgestel word. Die eenooiwisseltrofee wat reeds die vorige 3 intervarsitys na ons kant toe gekom hèt is ook 'n groot faktor wat die uitsien nog groter maak.

Daar is egter ook tyd vir meer aktuele sake soos 'n simposium wat in Augustus, in samewerking met die Transvaalse tak en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Stads- en Streeksbeplanners, gehou gaan word. Die simposium sal 'n wye veld dek en daar sal gepraat word oor sekere aspekte van Streeksbeplanning.

En as julle dit nie geweet het nie, die Beplanningvereniging is oop vir alle belangstellendes, dus ook vir nie-Beplanners.

**Volkskas praat die taal van kundiges**

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.

Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.

Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.

Kom praat met die bank wat verstaan.

**Volkskas**

# Getroud wees is

SAAM arm wees.

Saam vir die sesde maal die nag opstaan omdat 'n baba huil.

Saam, een, wees al skei oorlogsdienste ons.

Saam 'n begroting skommel tot hy klop.

Saam „die swaarkry met lekkerkry klaarkry".

Saam in die tuinwerk.

Saam Maandagmôre jaag om betyds te wees as die bediende(?) nie opgedaag het nie.

Saam hard werk.
Saam nóóit alleen wees nie.
Saam midde in die lewe met al sy pligte staan.

Aan mekaar gee — selfverloëning.

Saam geduldig wees.
Saam dankbaar wees.
Saam by 'n wieg staan.
Saam by 'n graf staan.
Saam twyfel.
Saam glo.
Genade.

I. D. Hoogenboezem (Mej.)

# Marié du Toit

EK kon net sowel met die eerstejaar aan diens van Kulu 'n onderhoud gevoer het i.v.m. hulle primaria, want daar ken almal mekaar. Ongelukkig (of gelukkig!) het my nuuskierigheid die oorhand gekry en ek het persoonlik met haar gepraat.

Marié du Toit, primaria van Kulu is 'n skraal bruinkop met vonkelende bruin oë en 'n fier regop houding. Sy is in Rustenburg gebore en het daar skool gegaan. Sy was 'n prefek aan die Rustenburgse Hoërskool. Sy het op skool reeds belang gestel in Bybelkunde.

Marié is die oudste in die huis en het 'n sussie wat ook tans aan die Puk studeer. Marié het verlede jaar haar B.A.-graad voltooi en is tans besig met HOD(G). Sy beoog om in die toekoms haar honneursgraad in Bybelkunde te verwerf of om volgende jaar skool te hou in Rustenburg, Klerksdorp, Koster of Potchefstroom waar sy tans proef. Sy bekwaam haar om Bybelkunde, Afrikaans, Duits en Wiskunde aan te bied.

Om primaria te wees is vir haar 'n plesier, nieteenstaande die feit dat dit 'n veeleisende posisie is, wat tyd, persoonlike aandag en energie betref. Dit verskaf veel vreugde aan haar om mense te help. Sy geniet dit veral om Kulu se „prim" te wees omdat daar so 'n goeie gees heers. Daar is sewentig inwoners en almal ken mekaar en weet van mekaar se doen en late.

In haar vrye tyd speel Marié Netbal en tennis, doen naaldwerk, luister na klassieke musiek en lees. Die Wapad wens haar alle sukses vir die toekoms toe.



# Ek en telefoondiens

WIE, ekke? Telefoondiens... sowaar! Nooit! Agge nee, tog nie Saterdagaand nie! Wat van daai oulike ou in Klooster wat my vir fliek geskiet het? Saterdagaand se telefoondiens is amper erger as Maandagmiddag se rotslag in Dierkunde!

Die rye knoppies en liggies lyk soos tande in 'n grynslag as hulle my so ewe koud welkom heet. Die telefoon lui ook nog om alles te bekroon:

„Goeie naand . . . Vergeet-my-Nie . . . goed, ek roep haar . . . R4 . . . Juffrou Herzola de Beer, Juf. Herzola de Beer, telefoon". Na die hele ritueel het sy nog nie geantwoord nie en ek moet maar die man teleurstel: „Nee, meneer sy is nie hier nie . . . is daar 'n boodskap? Nee, ek weet nie waar sy is nie . . . nee, ek weet nie saam met wie nie . . . ekskuus? . . . Ja goed totsiens".

Ek kyk op om presies dit te sien wat ek gevrees het: 'n hele massa ywerige minnaars wat bankvas agter die toonbank staan. Die eintlike kopseer lê nou daarby . . . ek weet nie waar om te begin nie — by die telefoon wat intussen weer begin lui het of by die ongeduldige klomp hier voor my.

„Juffrou Elna Snyman, juffrou Leana van der Linde, juf. Lenda van Zyl, Betsie Erasmus, juf. Magda Stoop . . . telefoon . . . voordeur . . . voordeur . . . dankie . . . goed, telefoon . . . sy is nie hier nie . . . boodskap . . . praat harder . . . moenie so skree nie . . . HELP! Aandag dames, aandag dames, hier sal nou heerlike warm vetkoek . . . navrae . . . Juffrou Saartjie Barnard antwoord asseblief . . . Die snoepie sal nou oop wees, daar is nuwe vrugtesappe en vars melktertjies . . . Help!

Gelukkig word al my smart beëindig deur die genadelike, vir my, (verwenslik vir ander) flikkering van die ligte. Die malle gejaag kom rukkend tot stilstand as die hyser se deure weer oopgaan en ek na my kamer gaan om te rus en te vergeet van die hele storie. 'n Snoesige bed en warmwatersak van „kammie" wag my in en ek voel sommer weer lus vir die lewe.

# *WINTER OP DIE KAMPUS*

HY is weer hier. Jy kan hom nie sien nie, máár voel hom net daar waar hy by jou jaskraag inkruip en tussen jou klere en jou vel kom sit. Of daardie skielike vat aan jou gesig as jy om 'n hoek gestap kom. Dit is hy wat jou so traag maak om soggens die komberse af te gooi en 'n nuwe dag in te hoes.

Maar winter is 'n lekker ding. Al is hy 'n ongenooide gas wat jou kamer binne gesluip kom, is hy tog 'n gesellige knaap. Dink net wat hy alles kan vermag: hy maak mense te tonge los — al is dit om oor hom te kla! — en hy verskaf uitstekende rede vir twee om soos een deur die duikweg te stap. Die biblioteek kry meteens ook baie meer aftrek saans en bedags kan mens baie gou agterkom uit watter hoekies die son ons vriend verdryf het.

Wat is lekkerder as om laataand nog te sit en klets met jou hande om 'n beker stomende koffie gevou en 'n gerusstellende bordjie karringmelkbeskuit eenkant. Herken julle ons vriend in daardie slopie biltong en droë perskes wat in die langnaweek saamgekom het? En wie sal nooit ooit daarvan droom om in die somer onder 'n snoesige donskombers te sit en swot?

Koue is boonop nog 'n vaardige skilder wat kunstig te werk gaan met die warm kleure op sy palet. Al gesien hoe mooi lyk die plataanbome by die hoofingang met hul herfsjassies aan? Dis wonderlik om soggens die eerste ry spore in die ryp op die grasperk oop te trap.

Winter loop doekvoet oor die kampus rond, maar as jy gou met hom vriende maak en hom nie toelaat om sy nes in jou hart te maak nie, is koue 'n warm weelde.

# Ruik lekker

DIT is nou maar een ding van ons vroumense: om lekker te ruik is darem die lekkerste lekker op die hele aarde.

Party van ons weet presies watter reukwater of parfuum presies vir haar gemaak is. Sy dra dit met grasie oral waar sy gaan. Maar ander van ons weet nie, glad nie, algeheel nie. Ons raak verlore tussen al die geure en koop liewer glad nie. As ons koop is dit gewoonlik iets wat hopeloos te swaar en volwasse is.

Hier volg nou die name van 'n paar geure wat uitnemend geskik is vir ons jonges van jare. Onthou altyd as jy parfuum gaan koop om nie aan die bottel te ruik nie. Spuit die geur aan jou pols en wag eers omtrent vyf minute voor jy besluit of jy daarvan hou of nie. Moet ook nooit meer as drie geure op 'n keer toets nie. Gaan loop eers 'n draai en maak al jou inkopies klaar voordat jy verder gaan ruik. Moet nooit 'n groot hoeveelheid koop as jy 'n reukwater vir die eerste keer aanskaf nie. Dit ruik miskien heerlik in die apteek, maar na 'n paar weke gaan jy miskien so moeg daarvoor wees, dat jy dit liewer vir kleinsus wil gee. En wat dan van al die rande?

Dra parfuum oral en altyd. Elke dag, elke oggend. Dit is wonderlik wat so 'n geurtjie aan 'n vrou se moraal kan doen! „Charlie" is bekender as bekend by ons almal. Dit pas by almal en elkeen. Of jy nou 'n romantiese ou meisietjie is, of die sportiewe soort.

„Khadine" is een van die geure wat die gewildste is by jong meisies. Dit is 'n lieflike ligte parfuum en 'n mens sal nie gou daarvoor moeg word nie.

„Miss Dior" is vir die meer romanties tussen ons. „Cachet" en „Windsong" word deur dieselfde maatskappy gemaak. Dit is moderne jong geure en vol in die kol vir die sewentigerjare.

„Flair" is vir die vroulikes onder ons.

„Your the Fire" van Yardley is 'n redelike nuwe geur. Dit is 'n parfuum waarvan jy of glad nie gaan hou nie of baie van sal hou. Dit is eerder vir diegene wat vas met hulle voete op die aarde staan — die nugteres.

En die helfte is nog nie eers genoem nie, waarom gaan maak jy nie self 'n draai by die apteek en besluit vir jouself watter is jóú geur nie?


IETS WAT U TOT DUSVER MISKIEN UIT DIE OOG VERLOOR HET, KAN DALK U HELE TOEKOMS BEPAAL.

'n Bank.

As mens platsak is, is dit moeilik om te glo 'n bank kan jou help om jou ambisies in die lewe te verwesenlik.

Maar banke is vandag anders as in die ou dae.

Ja, dis nog steeds 'n veilige bêreplek vir mens se geld. Daarby speel hulle egter vandag 'n veel aktiewer rol in die gemeenskap.

By Nedbank kan u 'n lopende rekening open met wat sommige mense as kleingeld sou beskou. Ons gee nie om hoe veel of hoe min geld u vandag het nie. Maar ons stel wel belang in hoe toegewyd u werk aan u toekoms. En hoe ons u kan help om sukses te behaal in u strewe.

Want help kan ons u help. Op meer maniere as wat u dink.

In u studiejare – wanneer u kontant moet hê vir boeke, klasgeld of losiesgeld. Of sommer net om aan die lewe te bly.

Ná u universiteitsdae – wanneer u nog meer geld gaan nodig hê om u eie potjie te krap.

En later, wanneer u eindelik 'n goeie inkomste verdien, sal ons daardie verdienste vir u vinnig laat vermenigvuldig deur verstandige belegging.

Nedbank bied u dus u lewe lank 'n groeiende reeks praktiese planne om algehele finansiële sekuriteit te verkry.

**Studiehulp**

Die oomblik wanneer u 'n bankrekening open by Nedbank, ruil u u geld in vir Nedrand. Dit sal u eerste kennismaking wees met die hardwerkende rand – die één geldeenheid wat spesifiek gerig is op groei. Later in u lewe sal u ten volle besef presies hoeveel harder Nedrand as die gewone rand werk.

U kan 'n lopende rekening of 'n spaarrekening open. As u kampus 'n Kitskontant-masjien het, kry u 'n Kitskontant-kaart. Daarmee kan u selfs na bankure kontant uit die masjien trek.

Ná u eerste studiejaar kan u aansoek doen om 'n leningsrekening. Dit sal help om dinge sommer baie makliker te maak vir u.

Ons weet almal hoe duur boeke en toerusting deesdae is. Om nie eens te praat van klasgeld en kos nie. U kan die lening na eie goeddunke aanwend.

U kan natuurlik net tot 'n sekere vasgestelde bedrag leen. Maar u betaal net rente op dié geld wat u werklik trek. En die rente van 5,5% per jaar is besonder billik.

As u inskryf vir 'n MBA-graad, kan ons moontlik 'n MBA-lening aan u toestaan. Hier is die maksimum leningsbedrag hoër, en die voordele is dieselfde.

As u 'n studie- of vakansiereis onderneem, kan ons u ook help. Ons kan alle besprekings vir u behartig, en reistjeks asook buitelandse valuta voorsien.

Ons kan selfs leesstof verskaf. Soos publikasies oor die ekonomie. Ook Passport to Pleasure, ons tydskrif oor spys, drank en vermaak. En Nedbank Sportsman, propvol interessante inligting oor feitlik elke sportsoort in Suid-Afrika.

**Wegspringkapitaal vir u eie onderneming**

As professionele man sal u dit dalk eendag oorweeg om u eie besigheid te begin of 'n vennootskap aan te gaan. Weer eens kan Nedbank u meer help as wat u van 'n bank sou verwag. Miskien 'n lening – teen 'n redelike rentekoers en op baie goeie voorwaardes.

Vir 'n dokter of tandarts bied ons spesiale huurfasiliteite. U kan naamlik al die nodige toerusting huur wanneer u u praktyk begin.

**Ons laat u geld méér geld verdien**

As u die dag goed gevestig is, met 'n steeds groeiende inkomste, sal u miskien dink ons het u nou gehelp soveel ons kan.

Maar nee.

Op dié stadium kan ons dienste van groter belang as ooit vir u wees.

Want nou tree die geweldige krag van die Nedrand ten volle in werking.

Dit hang net van u af: U kan die geld wat u verdien, laat leeglê. Of u kan dit in die werk steek by Nedbank om op eie houtjie nog baie meer geld te verdien. (Met ander woorde, terwyl u werk om geld in te bring, werk u Nedrand ewe hard om nóg geld in te bring.)

Ons het verskeie planne wat u kan inspan om u inkomste of kapitaal of albei te laat groei. En almal bied die hoogste moontlike rentekoerse. Ons sal u help besluit oor die regte een vir u.

U kan ook met ons gespesialiseerde beleggings-adviseurs gesels. Ons finansbeplanners. Versekeringskonsultante. Die land se voorste finanskenners is hier tot u beskikking.

**Eenmaal 'n Nedbanker, altyd 'n Nedbanker**

Dis 'n uitgemaakte saak. Sodra u 'n Nedbanker word, begin dinge gebeur. Van daardie oomblik af verloop u sake al hoe meer voor die wind.

Eerstens help ons u om sukses te behaal in al u doelwitte.

En dan sorg ons dat u 'n inkomste kry wat by u sukses pas.

Kom loer so gou moontlik in by u naaste Nedbank-tak. Vertel die bestuurder wat u posisie is en laat die res aan hom oor.

Nedbank haal die geldelike laste van u skouers af sodat u vry is om te konsentreer op dié dinge waarvoor u universiteit toe gekom het. U studies en u toekoms.

Hoe verder u vorder, hoe harder werk Nedbank vir u.



DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS

Nedbank Beperk Geregistreerde Handelsbank

'n Lid van die Nedsual-groep.

NEDBANK

# *Koshuisraad wys komitee aan*

**DIE Koshuisraad het 'n komitee aangewys om die Interkoshuiskompetisies te ondersoek. Die doel was om vas te stel wat die redes was vir wrywing en om aanbevelings te maak om spanning tussen koshuise te voorkom in die toekoms.**

Ten opsigte van reklamesette beveel hulle aan dat die term reklamesette gedefinieer en die doelstellings omskryf moet word. Alle reklamesette moet gedefinieer word, sonder toekenning van punte. Punte word toegeken wanneer bewys gelewer word dat dit wel uitgevoer is of in nuusmedia verskyn. Puntetoekenning moet dienooreenkomstig die belangrikheid van media toegeken word.

Reklamesette moet soos al die ander kompetisies uit 'n maksimumpunt tel, bv. 100. Daar word aanbeveel dat 'n kwart punt per kilometer verval en dat daar liewers 'n radius met Potchefstroom as middelpunt gestel word.

Verder word daar aanbeveel dat een verteenwoordiger uit elke koshuis die vergaderings van die Karnavalkomitee sal bywoon.

Daar moet om kleiner pryse meegeding word en daar moet ook pryse vir die tweede en derde plekke ingestel word.

Dit moet 'n Pukke-karnaval wees en nie Koshuiskarnaval nie. Die reëls en regulasies moet duidelik wees en konsekwent nagekom word.

Dit is maar enkele aanbevelings van die kommissie van 'n grondige ondersoek waarin gepoog is om iets te doen aan die skade wat ontevredenheid veroorsaak het. Die aanbevelings is baie positief en kan met vrug deur die volgende Karnavalkomitee gebruik word.

# DIT SPOOK

DIT is in 'n hele paar koshuise aan die orde van die dag: spookspelery.

Jy weet dit sommer as jy die oggend jou kamerdeur oopmaak en daar pryk 'n briefie of kaartjie teen jou deur: vannag het dit weer gespook in hierdie gang. Maar ai, watter gawe spoke. Dit is soetigheidjies en sakdoekies, blommetjies en mooi gedagtes.

Die koshuise of gange van koshuise waarin hierdie welkome „plaag" plaasvind kan gerus van hulle laat hoor. Dit sal interessant wees om te hoor waar die oorspronklikste spoke woon.

# KYK NOU WEER NA FANIE

HIERDIE keer kyk ons na „Fanie se Veldskooldae" van P. J. Schoeman. En ons luister na wat Fanie en die ou Bantoe Lewies gesels: „ . . . En dan sal ek ook baie graag so klein wil wees dat ek in mense se harte kan kruip om te luister wat daar binne gedink word, en . . . "

„In wie se hart sal my grootbaas eerste gaan luister?"

„In iemand se hart wat altyd vir my sê ek moet raai . . ."

„Maar my kleinbaas, die dag wanneer jy alles weet wat in iemand se hart omgaan, sal jou kraal net vol dooie geraamtes wees."

„Ek hoor jou nie mooi nie, Lewies . . . "

„Lalela kahle — luister mooi: wanneer ek die dag alles weet wat in ander se harte omgaan, sal daar vir my geen vreemde lande meer wees agter die volgende berg nie. Daar sal geen land meer oorbly om in jou drome te besoek nie. Daar sal nie meer blydskap wees om iemand te sien aangery kom wat jy nie verwag het nie. Die lekkerste potjie bier is nog altyd daardie een wat jou vrou in die stilte van haar hart vir jou gemaak het."

# Klooster kla mos nie

**VIR baie bring die winter pret en plesier, alhoewel dit weer vir baie ander 'n ergernis is. Ook hier in die 19e eeuse geboue van Klooster het die winter sy tol begin eis.**

Dit is toetsweek en ieder en elk sit ernstig onder sy leeslamp en inprop. Skielik heers daar duisternis. Aag bliks... word hier en daar gehoor.

'n Senior sweer dit is alweer 'n eerstejaar se verwarmer wat die probleme veroorsaak en draf voel-voel, met bak arms in die rigting van die niksvermoedende „jare", net om in die gang in 'n kop aan kopbotsing met sy buurman kennis te maak. Weer word daar 'n paar woorde gewissel en dan word die strydlustige tog hervat.

Intussen het 'n paar tweedejaars besluit hierdie is die aangewese tyd om 'n paar plastiese sakke vol water te maak en die beste van 'n slegte saak te maak. Ons veelbesproke senior wou net met die deur in die eerstejaarskamer val, toe die hemele oopgaan. Afkoel? So nooit as te nimmer nie — wraak! (arme eerstejaars).

Terwyl hierdie slagting voortgaan word daar fynhout van die primarius se deur gemaak om te hoor of hy 'n lig op hierdie donker onderwerp kan gooi, maar Prim sleep — geen sukses. Die volgende is die SSR-sekretaris. Vol reëlingseienskappe snel hy na die telefoon en bespreek 'n noodoproep na „tegnies". Die substasie is „gefuse" stotter hy en kyk bang oor sy skouer na die wapens van die gepeupel buite die hokkie.

By die substasie is 'n paar karate-kenners besig om hulle „Hirosjima-specials" te bespreek waarmee hulle die slot gaan aandurf.

Tussen die wintervoorraad van die vorige jaar word hier en daar 'n halfgebrande kersie tevoorskyn gebring en skielik is selfs van die ongewildstes sterk aanspraakmakers vir die H.K.-verkiesing.

Eers flikkerend en dan met hernude krag begin die ligte tekens van lewe toon — ja, die man van tegnies is hier. Party sug van verligting, ander juig, maar dan is daar ook die wat jammer is, want dit is tog so lekker om chemie in die romantiese atmosfeer van 'n kers te swot.

# Dis 'n koshuis meisie

**SY luister „Hoëveld" so tussen die klasdraf deur en op Donderdae en Maandae kom sy na die boekvoorlesing luister, want sien, dan het sy nie klas nie. Sy gebruik haar laataande vir veldfliek, uiteet en soms net 'n stil aand weg van die vier koshuismure.**

Half-nege in die aand snuffel sy gewoonlik in die gang af op soek na geselskap en koffie. Sy drink haar koffie bitter en eet geen stysel nie, maar so agterlangs ondersteun sy die snoepie of proe by haar kammie wat die nuutste van die Pukpik af is.

Sy hou van strepieskouse en pampoenskoene en klingelende armbande. Soms dra sy 'n kopdoek en ander kere hang haar hare sag en los oor haar skouers. Sy lag altyd as sy in die reën hardloop met haar boektas oor haar kop.

Sy ry graag saam met haar ou op sy dubbeldoorfiets. Sy hou van wind in haar hare. Sy hou daarvan om kaalvoet deur die water te loop en sy hou daarvan as droë blare onder haar skoene kraak.

Sy bêre 'n blommetjie wat hy eendag vir haar gegee het, in haar Bybel.

Sy's versot op haar ouma se soetkoekies en sy raak in ekstase oor parfuum en Neil Diamond laat haar huil. Sy wens sy kon altyd so jonk bly... so sorgvry... kommerloos... vol lewe... impulsief... spontaan!

# Twee jong Potchefstroomse kunstenaars word gehelp

**DIE Musiekdepartement het Saterdagaand 5 Junie 'n unieke konsert aangebied. Uniek vanweë die hoë gehalte en die buitengewone doel daarvan.**

Die opbrengs van dié konsert gaan aan twee jong Potchefstroomse kunstenaars, die tjeliis Human Coetzee en die violis Piet Koornhof, wat Suid-Afrika eersdaags op belangrike somer-musiekkursusse in Amerika verteenwoordig.

Die sopraan Rina Hugo het liedere van Schuman met fluit- en klavierbegeleiding uitgevoer. Elsabé van Wyk het fluit gespeel en Pieter de Villiers klavier.

Dis byna onmoontlik om te sê wat die hoogtepunt van die aand was, maar Human Coetzee, wat die tjello-konsert in D. van Haydn uitgevoer het, het ongetwyfeld die hartlikste toejuiging ontvang. Dis duidelik dat daar nog baie van hom in die toekoms verwag kan word.

Betty Pack is geen onbekende aan Potchefstroom nie. Sy het met haar tjello-orkes, waarvan Human Coetzee ook lid is, vir 'n onvergeetlike uitvoering van die Prelude en Fuga nr. 22 van J. S. Bach gesorg. Die orkesleidster was Peta-Ann Richardson.

Die puik afrigting en gedissiplineerdheid van die orkes het Betty Pack se vaardige hand weer eens ten toon gestel.

Opvallend van Saterdagaand was die groot persentasie jong musikante wat opgetree het. Human Coetzee is 'n standerd nege-leerling aan die Hoërskool Gimnasium en die meeste lede van die Pack-orkes is studente of skoolgaande kinders.

Die Suid-Afrikaanse kamerorkes, ook onder leiding van Betty Pack, het twee konserte uit die „Vier Seisoene" van Vivaldi gespeel. Alan Solomon was die solis.

Die volgende konsert in die konservatorium vind op Donderdagaand 10 Junie plaas. In plaas van Bruce Martin sal Werner Nel optree.

# Sop en toebroodjies

TEN spyte van die koue, het die Huishoudkundevereniging met sop en toebroodjies in Frankryk gekuier. Ons gasvrou, mev. Betsie van der Walt, was ons toergids tussen die kastrolle van Frankryk.

Ons het in en om Frankryk gekuier en met die tradisionele geregte kennis gemaak. Dit het gevarieer van crepe suzette tot egte fyn Franse brode en kaas.

Wat verder kenmerkend is, is dat alles netjies verpak word nadat jy dit gekoop het. Die Franse is fynproewers en is baie gesteld op kwaliteit. Ook word wyn saam met elke maaltyd genuttig.

Ons kan baie van die Franse kookkuns leer!

# *Ek sal vir julle sê*

**ONS is hier. En ons sluip nie net hier rond nie. Ons doen die ding en ons doen hom goed.**

Die Tonnelwandelaars is deeglik bewus van die feit dat daar iewers in 'n Karnavalnag 'n groot verfkwas nog 'n paar paneie bygeskilder het. Hoekom en waarom? Is dit ons beskeie bydrae tot die Karnavalaktiwiteite of is dit iets anders? Ek dink dis iets anders.

Karnaval is mos maar gewoonlik anti-akademies. Anti-klasdraf. Anti-swot. (En daarby kan 'n mens nog 'n drukkie of twee en 'n lekker katskiet byvoeg.)

Laat daar dan nou maar gepraat en gegis word oor hierdie poerpoerkursus se studente. Hier neem studente nog inisiatief en kom met 'n opwindende nag na vore.

Is dit nou nie werklik liefde vir jou loopbaan wat maak dat jou Karnaval sy hoogtepunt kan bereik, juis deur jou uit te leef in jou vakgebied nie? Karnaval is nie vir ons 'n tyd om te ontvlug van dit wat ons gekies het as rigting nie, of om besig te wees met sports wat niks te doen het met dit wat vir jou van belang is nie. Ons kan ons kursus aanpas en vasvang in 'n Karnavalgees.

Die kunsgehalte is hier van minder belang. Ons kan dit amper as 'n „happening" van 'n ander aard beskou. Die soppe en brode en gaskunstenaars (wat toe die enigste kunstenaars van die konsert wat ook gehou is, was) en die komberse en warm jasse en koue, koue hande en voete is wat langer onthou gaan word. Daardie muur is 'n hele nag van sing en jol.

En ons kan jol met soppe en brode en gebrande koffie en ons groot, groot Kuns ! ! !


**WESVALIA BOEKHANDEL**

ONS HET NET WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060

Tomstraat 84 POTCHEFSTROOM Tel. 6660

—WP

WELKOM . . . !

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom

—WP

**POTCH INRY**

Tel. 21881 saans/Evenings
Tel. 6345 bedags/ Daytime

Dins. 15, Vry. 18 Sat. 19 (1ste vertoning)

**Paper Tiger**

met
* DAVID NIVEN

Avontuur.
KINEKOR.

Vry. 18, Sat. 19 (2de vertoning)

**Stardust**

met
* DAVID ESSEX
Musiekdrama. (4 — 16)
KINEKOR.

Maan. 21, Dins. 22, Vry. 25, Sat. 26 Junie. (1ste vertoning)

**Geheim van Kasteel Hubertus**

* ROBERT HOFFMAN:

Drama, Almal welkom.
KINEKOR.

Woens. 23, Don. 24, Vry. 25, Sat. 26 (2de vertoning)

**Arnold**

* STELLA STEVENS

Blyspel. (4 — 18).
KINEKOR.

**GOUE WESTE**

**INRY-TEATER**

Vry. 18 — Sat. 19 Junie.

**Steel Arena**
Stock Car Racing. Met
* DUSTY RUSSEL.
Almal welkom.

**Spy larks**

met
* ERIC MORECOMBE
Almal welkom.
Komedie.

Maan. 21 — Woens. 23 Junie.

**Russian Roulette**

Riller met
* GEORGE SEGAL,
STER (4 — 16)
en

**Night watch**

met
* ELIZABETH TAYLOR
STER (4 — 16)

Don. 24 — Sat. 26 Junie.

**Flatfoot goes East**

* BUD SPENCER,
Almal welkom.
STER en

**Silwer skaatse**

Met mnr. Jackie "Ice Skating Chimp"
STER.
Almal welkom.

# Alabama — kleur ,klank en ritme!

★ Vervolg van bladsy 1
'n kruising tussen 'n blyspel en 'n revue is wat daar 'n hele klompie nuwe liedjies en verwerkings is. Die vrolike lewe van 'n student is alles in Afrikaans. Daar word ook gebruik gemaak van die musiek wat Johan van Rensburg vir die nuwe Afrikaanse musiekprent Vergeet-my-nie geskryf het. Die kort eerste helfte bestaan hoofsaaklik uit Engelse liedjies waaronder 'n paar mooi treffers soos We've Just Begun, Erest Tu en Baby Face is.

Die rede vir die wegbeweging van die suiwer revue vorm voel Johan van Rnsburg wat die produksie-leier van vanjaar se aanbieding is: is dat Alabama al getipeer word en dat die groep oor soveel moontlikhede beskik dat hulle gerus 'n bietjie kan eksperimenteer. Die gehoor se reaksie sal dopgehou word om verdere aanpassings te maak as dit blyk nodig te wees.

Johan van Rensburg is die produksieleier en Louis sy broer is die musiekregisseur. In samewerking is hulle vir die vertoning verantwoordelik. Johan wat hom vanjaar, vir die eerste keer sedert sy terugkoms na studie in Amerika, by Alabama gevoeg het, het 'n hele paar blink en oorspronklike idees in die vertoning ingebring. Een van die bekende tegnieke oorsee is om 'n voorafgemaakte bandopname saam met die vertoning te gebruik om 'n groter klank aan die orkes te verskaf. Hy het hierdie band in sy ateljee met sititiseerders gemaak, en gaan dit in die vertoning gebruik. Die orkes sal weer soos in die verlede saam met die koor op die verhoog wees.

Geoffrey Sutherland het die choreografie vir die groep gedoen. Die bewegings sluit nou aan by die sentrale tema en help baie om die vrolikheid van die student uit te beeld. Dit is die tweede keer dat Geoffrey die choreografie behartig. Behalwe die choreografie het hy ook die dekor vir Revue 76 ontwerp. Hy en sy vrou het ook hand bygesit met die keuse van die kostuums.

Die groep bestaan uit 47 lede wat orkes, komediante, koor en tegnici insluit, om nie die tradisionele ma en pa te vergeet nie. Hulle is vanjaar prof. en mevr. Erasmus. Hulle is albei jonk van gees en groot gunstelinge onder die studente. Daar is heelwat nuwe gesigte in Alabama asook baie van die ou hande. Rudie van Eldick speel vanjaar weer tromme soos hy al baie keer in die verlede gedoen het. Elsa Kruger gaan vir Koos 'n bietjie verlaat om saam met die groep op toer te gaan. Die komediante is Ernest Enslin en Hans van Schalkwyk, wat vir die komiese afwisseling gaan sorg. Anders as in die verlede vorm hulle vanjaar 'n integrale deel van die vertoning en word die koorlede ook ingespan vir hierdie doel.

Peet Ryke is vanjaar vir die tweede termyn voorsitter. Hy sorg vir al die reëlings en organisatoriese werk. Marius Rademeyer is vertantwoordelik vir al die beligting.

Die toerprogram vir die Julie vakansie is as volg, en daar word 'n beroep op die Pukke gedoen om hulle mede-Pukke te ondersteun en na die vertonings te kom groet.



## Toerprogram en addisionele opvoerings

*DIE TOERPROGRAM VIR VIR 1976 IS AS VOLG:*

Vrydag 25 Junie — Welkom.
Saterdag 26 Junie — Welkom.
Maandag 28 Junie — Bloemfontein.
Woensdag 30 Junie — Middelburg.
Vrydag 2 Julie — Port Elizabeth.
Maandag 5 Julie — George.
Donderdag 8 Julie — Bellville.
Vrydag 9 Julie — Bellville.
Saterdag 10 Julie — Bellville.
Donderdag 15 Julie — Springs.
Vrydag 16 Julie — Springs.
Saterdag 17 Julie — Springs.

*ADDISIONELE OPVOERINGS NA DIE JULIE VAKANSIE*

Vrydag 23 Julie — Sasolburg.
Saterdag 24 Julie — Sasolburg.
Woensdag 28 Julie — Potchefstroom.
Donderdag 29 Julie — Potchefstroom.
Vrydag 30 Julie — Potchefstroom.
Saterdag 31 Julie — Potchefstroom.
chefstroom.
Woensdag 4 Augustus — Potchefstroom.
Donderdag 5 Augustus — Potchefstroom.
Vrydag 6 Augustus — Potchefstroom.
Saterdag 7 Augustus — Potchefstroom.
17 — 21 Augustus — Johannesburg.
10 — 11 September — Pretoria.





## Klooster stel voorbeeld

**DIT is altyd lekker om te hoor dat ander mense goed praat van die Puk.**

Om een of ander rede is die koerante ons nie so goed gesind as wat ons graag sou wou hê nie, maar ten spyte daarvan dink die publiek in die algemeen besonder baie van die PUK en van sy studente, soos wat ook blyk uit 'n brief wat redelik onlangs in Die Vaderland verskyn het. Dit lui:

Geagte Redaksie — Met 'n hart wat oorloop van trots rig ek aan u hierdie brief met die oog op publikasie in u geagte koerant.

Die afgelope vakansie het ons aan die Suidkus by Margate deurgebring. Sommer al aan die begin van die vakansie — om presies te wees, op die tweede dag — het ons kennis gemaak met 'n groep van tien mansstudente van die koshuis Klooster in Potchefstroom.

Wat 'n pragtige klomp mans! Hulle was tuis in die De Wetwoonwapark. 'n Groep waarop elke universiteit trots kan wees. Ware ambassadeurs. Op hulle plek, altyd vriendelik, netjies, hare kort. Baie geluk aan hulle primarius, Nic, wat hulle vergesel het.

Ek praat as 'n onpartydige, met 'n dogter op 'n ander universiteit. Ek sal my plig versium het as ek nie hierdie gelukwensing uitspreek nie. Baie geluk, Pukke! Hou dit so! Met sulke jonges op die pad van Suid-Afrika is ons toekoms veilig! — Mev. Marie Stenekamp, Thabazimbi.

Die studente van die PUK sê saam met hierdie dame baie geluk en baie dankie aan Klooster se manne vir die mooi beeld wat hulle na buite uitgedra het. Ons is trots op hulle!

## *Dr. H. F. Swanepoel oor die swartman*

**RASSEVOOROORDEEL, stereotipes en vergelykende studies tussen Blank en Swart het tot onlangs nog die studie van die psigologiese vermoëns van die Swart man gekenmerk. Dit en ongekoördineerde navorsing het daartoe gelei dat die psigiese minderwaardigheid van die Swart man in sommige wetenskaplike kringe baie klem gekry het.**

In ander kringe is probeer om die waargenome verskille tussen Blank en Swart toe te skryf aan genetiese of kulturele veranderlikes, het dr. H. F. Swanepoel, lektor in Psigologie, Maandagaand op Potchefstroom gesê.

Tydens 'n vergadering van die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika by die Potchefstroom Universiteit vir CHO het hy daarop gewys dat die „andersheid" van die inwoner van Afrika vandag herken moet word, maar dat dieselfde psigiese vermoëns wat tot die Westerse beskawing en tegnologie bygedra het, ingespan moet word vir die ontwikkeling van Afrika. Die aanvaarding van voor die Tweede Wêreldoorlog deur sommige wetenskaplikes van 'n anatomies swakker brein by die Swart man is onjuis, maar psigologiese tegnieke vir die Swart man móét in 'n Afrika-raamwerk van verwysing en nie in 'n Westerse raamwerk gestandardiseer, vertolk en gegrond word nie, het hy gesê.

Daar is vandag nog baie faktore wat die verstandelike vermoëns van die Swart man strem. Hierdie is waarneembare en veranderbare faktore, nie 'n soort aangebore minderwaardigheid by die Swart man nie.

Die faktore wat psigoloë in aanmerking moet neem by die hantering van swartes is: Onderwys, voeding, sosio-ekonomiese status en huislike agtergrond, speel 'n belangrike rol by die Swarte se psigiese prestasies.

Fisiologiese en voedingsfaktore, byvoorbeeld, gedurende swangerskap en die bevalling, rem die swart kind se ontdekking van sy omgewing. Daar is bevind dat ongunstige omstandighede verantwoordelik kan wees vir 'n daling van soveel as 30 I.K.-punte op 'n ouderdom van 16 jaar. 'n Verarmde kultuur kan 'n inhiberende effek op die normale ontwikkeling van intelligensie gedurende die adolossente jare uitoefen. Die tradisionele kultuur van die swartman, na aanleiding van Riesman se drie tipes sosiale persoonlikhede, is nie bevorderlik vir die ontwikkeling van die basiese vermoëns, die ontplooiing van indi-

★ Vervolg op bl. 7.

# Dr. H.F. Swanepoel oor die swartman

★ Vervolg van bl. 6.

viduele verskille en die stimulerng van inisiatief nie.

Perseptuele en konseptuele verstoking gedurende die voorskoolse jare wat baie algemeen in Afrika voorkom, kan 'n faktor wees wat latere psigiese prestasies beïnvloed. Die kind se omgewing in Afrika is dan veral arm aan visueel-kinestetiese stimuli. Kultuurverstoking by die swart kind beïnvloed veral die volgende sfere van verstandelike ontwikkeling:

- Leer- en kognetiewe ontwikkeling word gerem as gevolg van 'n gebrek aan oefening van die gesproke woord weens kulturele en stamsanksies.
- Die kultureel verstroke kind se gehoor, visuele diskriminasie en begripsvorming in taal is swak. Dit benadeel weer sistematiese leer.
- Swak begripsvorming benadeel die uitkenning van abstrakte kategorieë.
- 'n Swak selfbeeld wat motivering, verbale vermoë, kognetiewe en affektiewe gedrag beïnvloed.
- Die opvolging van gesproke opdragte en konsentrasievermoë word deur kultuurverstoking beïnvloed.
- Prestasiepeil kan nie deurgaans in psigologiese toetse gehandhaaf word nie.
- Die kinders (persone) het meer tyd nodig om sekere take uit te voer.

Weerhouding van onafhanklike en skeppende spel weens tradisionele stamsanksies kan 'n gebrek in die ruimtelike vermoëns en tegniese vaardigheid by die swart kind tot gevolg hê. Rasionele denke in die ontwikkeling van selfkontrole word gerem deur familie-onsekerheid, gebrekkige vooruitbeplanning en lae sosio-ekonomiese status, soos gevind by groepe soos Swartes en die Amerikaanse Neger wat op die broodlyn leef.

Matriargale opvoeding het tot gevolg 'n beter ontwikkelde verbale vermoë, ten koste van 'n gebrekkige ruimtelike vermoeë. Die akademiese mislukking van Negerkinders kan toegeskryf word aan die hoë persentasie vaderlose gesinne in die Negergemeenskap.

Dieselfde faktore kan by die Suid-Afrikaanse Swartes 'n rol speel waar trekarbeid en 'n hoë persentasie buitehuwelikse geboortes baie algemeen voorkom.

Gebrekkige onderwys in Afrika waar onderwysers ongekwalifiseerd is en hul onderrigmetodes verder daartoe bydra dat die intellek nie aan genoegsame prikkeling blootgestel word nie, beïnvloed die Swart Kinders se prestasie in psigologiese toetse. Gehalte van skoolonderrig is ook dan een van die belangrikste steurende faktore by die toetstellings van Swartes.

Taalkundige vertraging en belemmering is 'n verskynsel wat algemeen by ontwikkelende groepe voorkom. Benewens verskillende dialekte wat gepraat word, word skoolonderrig gewoonlik deur 'n ander medium gegee. Die negatiewe rol wat dialektiese veeltaligheid en Engels of Frans as onderwysvoertaal by die prestasie van Swart kinders in Afrika in verbale en nie-verbale toetse speel, is al deur navorsers geïllustreer.

Swart kinders wat die onderwysvoertaal baasgeraak het, presteer betekenisvol beter as diegene met 'n gebrekkige en meganistiese kennis van Engels. Swart kinders in stedelike skole vaar beter in woordeskattoetse in die moedertaal as plattelandse kinders.

Die konseptuele en grammatiese strukture van die Bantoetaal verskil van dié van Westerse tale sodat die klassifisering en verband wat deur die Westerse tipe toetse veronderstel word, vir Swartes vreemd is. Dit is byvoorbeeld bekend dat die woordeskat van Eskimo's meer geometries-ruimtelike begrippe as die Temnewoordeskat besit. Die oënskynlike gebrek by Swartes om drie-dimensioneel waar te neem word as 'n moontlike gebrek aan dimensiobegrippe in die Bantoetaal toegeskryf.

Teen die agtergrond van dié faktore en die kultureel andersoortigheid van Swartes, tesame met die standpunt dat dieselfde verstandsfaktore, soos gevind by Westerse groepe, by Swartes gemanifesteer word, is ondersoek ingestel na die geldigheid en gebruik van 'n psigologiese toets wat jaarliks op sowat 30 000 Swartes toegepas word.

Die Voorligtingstoets vir Junior Sekondêre Bantoeleerlinge in vorm III, wat 'n verstandstoets (algemene intelligensie) is, word jaarliks op alle vorm III Swartleerlinge toegepas vir voorligting, diagnose en vir seleksie met die oog op toelating tot vorm IV.

Wat voorligting, diagnose en seleksie betref, is vorm III 'n kritiese fase in die onderwys van Swartes. Op vorm III-vlak kom die Swart Student reeds in aanmerking vir gespesialiseerde onderwys-, verpleging- en tegniese opleiding, terwyl op hierdie vlak, soos ook elders in Afrika, daar beperkte geleenthede bestaan vir verdere akademiese opleiding. Dit is dus belangrik dat hierdie instrument, wat tesame met 'n verskeidenheid ander veranderlikes gebruik word om belangrike beslissinge t.o.v. die toekoms van alle vorm III Swart studente te maak, geldig is. Die volgende is 'n kort samevatting van die resultate wat gevind is met 'n ondersoek na die geldigheid van 'n verstandstoets vir Swartes en faktore ter sprake by verstandsprestasies van Swartes:

Die voorligtingstoets vir Junior Sekondêre Bantoeleerlinge in vorm III is 'n geldige en betroubare voorspeller van akademiese prestasie van vorm III-studentes. Hoër geldigheidskoëffisiënte, ook wat differensiële voorspellingswaarde betref, is met hierdie toets verkry as wat navorsers met toetse vir blankes vir blanke kinders verkry is — verwysende veral na die Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoets.

Swart vorm III-studente presteer gemiddeld in die verstandstoets en die amptelike eindeksamen. Hierdie onderprestasie moet gesien word teen die swart-student se besondere hoë aspirasiepeil. Meer as 20 persent vorm III-studente beoog universitêre opleiding, sowat 40 persent beoog verder semi-professionele, professionele en skolastiese opleiding soos die onderwys en verpleegkunde terwyl sowat 40 persent beoog om opleiding ná die vorm te staak. Dit is belangrik om daarop te let dat, hoewel daar ook 'n groot behoefte aan tegniese lui by Swartes bestaan, net 'n relatief klein persentasie Swartes in hierdie tipe van opleiding belangstel, dog daar is 'n sterk belangstelling in professionele beroepe, maar prestasie is ondergemiddeld.

Wat die onderwys betref, word Afrika geken aan swak opgeleide en swak toegeruste onderwysers. Waar daar 'n baie sterk belangstelling in die onderwys as beroep is, presteer voornemende onderwysers deurgaans verstandelik sowel as akademies swakker as ander breë voornemende beroepsgroepe.

Swart studente met wiskundige belangstellings blyk meer „intelligent" te wees as dié sonder wiskunde as vak. Dié tendens word ook by ander meer rekenkundige vakke bevestig. Dit is verder belangrik om daarop te dui dat studente wat in „Afrikaans as vak belangstel" verstandelik en akademies beter presteer as dié met 'n meer „Engelse belangstelling". Hoewel daar nie probeer is om 'n vergelykende studie tussen die verskillende Bantoetaalgroepe te doen nie, is daar, soos by blanke Afrikaans— en Engelssprekende Suid-Afrikaners gevind, verskille in aka demiese en verstandsprestasie by die onderskeie Bantoetaalgroepe bespeur. Die Xhosa en Suid-Sothotaalgroepe het, wat hierdie ondersoek betref, die beste presteer.

Waar Swartes nie skoolpligtig is nie en 'n groot ouderdomsomvang in elke skoolklas vry algemeen voorkom, het dit uit die ondersoek geblyk dat die jonger swartes „meer intelligent" in die groep blyk te wees.

Dr. Swanepoel het vroeër vanjaar die doktorsgraad in die Psigologie verwerf met 'n proefskrif oor voorligtings toetse vir Swart leerlinge in vorm III. Dit is die eerste volledige werk wat die geldigheid en gebruik van 'n psigometriese toets vir Swartes verantwoord.

# KYK DIE HOEPELDOEDIES VAN ONS



Vir diegene wat oral elders stof opskop oor die sogenaamde „duiwel in gelid", as sou dit opnuut wees op die Pukkampus. Uit verskeie oorde moet ook verneem word van die „nuwe" wat dan kwansuis inslag sou vind hier op die kampus. Hieronder 'n foto van die hoepeldoedies van 1970.



Prof. Elaine Botha het Sondag oor die grondverhoudings in menseverhoudinge en die gevolge van wanverhoudings bespreek.

# Trompoppies

KARNAVAL is lank reeds agter die rug en die nuwigheid van die trompoppies al oorgewaai. Die PUKKE dink natuurlik hul trompoppies is- of was iets wonderliks, maar wat dink die rektor en die publiek daarvan?

In 'n onlangse onderhoud met die Rektor was een ding baie duidelik: prof. Bingle was só tevrede met die vertoning van die trompoppies soos 'n kat met 'n piering melk.

Vereers was hulle almal pragtig, het hy gesê. Die belangrikste egter was dat die trompoppies (die PUK dus) aan die wêreld gewys het dat so iets met goeie smaak en kunssin voorgesit kan word. Daar kon hoegenaamd geen beskuldigings en verwyte rondgeslinger word nie. Inteendeel, beginsels kan so toegepas word dat dit geensins oorboord gegooi word nie, maar juis dit waarvoor dit staan, beklemtoon.

Prof. Bingle spreek die hoop uit dat daar volgende jaar op dieselfde trant voortgegaan sal word, indien nie beter nie. Volgens hom is daar baie plek vir verbetering en variasie.

Hombré se trompoppies was, volgens die rektor, nie juis gesl'aagd nie en sommer 'n „verspotte lawwigheid".

Prof. Bingle. Karnaval is mos 'n verspotte lawwigheid of hoe?

Die Wapad het die burgemeester van Klerksdorp, mnr. Grobler, ook genader in verband met die bg. saak, en hier is sy mening:

Die trompoppies was pragtig — hul passies en bewegings was interessant en geensins uitlokkend nie. Die stelling van sekere persone dat die opskop uitlokkend was, is belaglik. Verskeie lede van die publiek het al hul waardering oor die trompoppies by my uitgespreek.

Oor die algemeen was die optog beter as laasjaar s'n — die trompoppies het kleur daaraan verleen. Dit was 'n baie goeie vertoon en vermaak vir Klerksdorp. Dit moet definitief volgende jaar herhaal word — Trompoppies ingesluit.

# Liber Factus

LIBER FACTUS het die tema „Ek en my medemens" sterk onder die soeklik geplaas tydens hul kamp die naweek ná karnaval gehou is op Kollegeoord by Boskopdam.

Ongeveer veertig mense het die suksesvolle kamp bygewoon. Met dié kamp is daar ook 'n paar tree vorentoe beweeg wat skakeling met Pote betref. Daar was altesaam vyftien studente van Pote teenwoordig.

Saterdag het mnr. Van der Merwe van Witrand die oggendpraatjie gelei en is bygestaan deur prof. Pretorius van Fisiologie. Die vorige aand was daar net feeste. Pannekoek is gebak en 'n lekker kenmekaar is gehou.

Saterdagaand het 'n gerehabiliteerde alkoholis kom praat en twee films is vertoon. Daar is die middag heerlik ontspan en die aand het die groep gesellig by die vuur gesit en gesels.

Na 'n suksesvolle en afmattende kamp het die kampgangers Sondagaand vodde op die kampus aangeland. Die algemene gevoel was dat nog 'n kamp binnekort gehou moet word en dat daar beslis nouer skakeling met Pote moet plaasvind.



# Uit die Farmasot-pot

HET U GEWEET?

Wanneer u aan verswakte nierfunksie lei en u gebruik magnesium sulfaat (Engelse sout) kan u onderdrukking van die sentrale senuwees verwag.

Wanneer u met kortisoon behandel word vir asma, artritis of enige ander inflammatoriese toestand, u 'n ernstige reaksie op inenting teen pokke kan verwag. Kortisoon onderdruk die normale teenliggaamreaksie wat deur inenting uitgelok word.

Wanneer u 'n hoofpyntablet of enige ander preparaat wat asetiel-salisielsuur (asperien) bevat, neem terwyl u met antikoagulante behandel word om bloedklonte te voorkom, kan u genoegdheid tot bloeding verhoog en wel tot so 'n mate dat ernstige breinbloeding die gevolg kan wees.

Wanneer u antibiotika ontvang kan u die antibiotika oneffektief maak deur daarmee saam te neem enige ysterverbindings, antidiarree middels wat kaolien bevat of melk of enige ander voedselsoort wat ryk is aan kalsium. Genoemde middels moet dus sover as moontlik tydens anti-biotika behandeling vermy word.

# KORPS

DIE studiestuk van KORPS VERITAS VINCET (nr. 39 van Junie 1976) getitel „Die aanslag op die gees van ons volk", deur kapt. J. C. Koster het belis belangrike feite te voorendag gehad.

In die studiegids word gesê dat ons volk dalk te gerus is op die suksesvolle bekamping van terrorisme in die Republiek. Lt-Gen. Wang Sheng verklaar dat „If victory in ideological warfare is achieved, the enemy is defeated at the root." Dit is hier waar die aanslag op die gees van ons volk plaasvind. Ons lewensbeskouing word ook veel meer bedreig deur geestelike ondermyning en geestelike verval. Kapt. Koster voer ook aan dat daar vier groot gevare is wat ons geestelike gevaar bedreig.

Ten eerste is dit 'n gebrek aan kennis. Ons moet besef waarteen en waarvoor ons veg. Ten tweede — liberalisme. Ons moet weet wat hierdie begrip inhou en omvat. Derdens is konserwatisme net so 'n groot gevaar. Te ver gevoer kan dit ook 'n bedreiging inhou. Kommunisme, as vierde punt, hou ook vir ons gevare in. Die kommunistiese aanval is gemik op die stelselmatige afbreek van erkende sedelike norme en Christelike waardes.

Hierdie vier groot gevare word dan ook op subtiele wyses aangewend om ons geestelike weerbaarheid te ondermyn. Lenin het gesê „Corrupt the youth, get them away from religion. Get them interested in sex, make them „superficial". Destroy their ruggedness".

Die eerste metode is dan ook dwelmmiddels. Dit word gebruik om sogenaamde „vryheid" te bekom, maar dit het 'n verwoestende uitwerking op 'n volk. Musiek word dikwels as 'n verwoestende metode verwerp, maar dit het 'n bepaalde kragtige invloed op die mens — positief en negatief.

Volgens kapt. Koster „werk musiek in op die geestesgesteldheid van die mens en word gebruik om die gemoed tot rus te bring". Kuns word ook gebruik om die kultuur van 'n volk af te breek. Een van die kommunistiese planne is om die skone kunsstukke te verwyder en te vervang met die afskuwelike, weersinwekkende, betekenlose kuns. Sedelike, morele aftakeling is ook 'n belangrike element. Onder andere word vrye seks aangemoedig om die morele standaard van 'n volk af te takel. Om gesag te verwerp en sodoende disiojaliteit te veroorsaak is ook nog 'n metode. Die belangrikste is seker die aanslag wat op ons jeug gewerp word," want 'n volk met 'n gesonde jeug het 'n gesonde toekoms".

Die ideologiese terrorisme het ook al verskeie gevolge gehad, nie net in die buiteland nie, maar ook in Suid-Afrika. 'n Voorbeeld is dat in 1970, 1 miljoen daggasigarette daagliks in Californië gerook is.

Ook in Suid-Afrika is die vyand al in ons midde en ons het „geen spesiale immuniteit nie".

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

## Laat ons erken

**SO dikwels word daar gepraat van onbetrokkenheid en passiwiteit. Minder male hoor ons apatie. Dit is en bly dieselfde. Blykbaar ook in 'n baie groot mate ongeneeslik. Wanneer ons kritiseer is dit maklik. Wanneer ons self moet doen is dit onmoontlik. Sonder om enige verskoning aan te bied is dit 'n skreiende skande as 'n baie klein handjievol studente opdaag om na 'n adjunk-minister te gaan luister. En hoe vinnig is ons om te wil vra, doen hierdie raad of daardie raad sy plig? Mede-Pukke, doen ons ons plig? Versaak ons nie ons plig om betrokke te wees, om ons sodoende op alle terreine van die studentelewe te skool nie? Laat ons tog nou vir eens en altyd onsself regruk en elkeen van ons sy kant bring.**

## Swak dosering

**'n Geykte term wat al bykans idioom in ons studentetaal geword het, is „die en daardie swak dosent". Hoe dikwels gebeur dit nie dat kennis via die ore uit die pen vloei nie? Die verstand word algeheel gesystap. Nou het die student via die akademiese raad uiteindelik die geleentheid geskep en gebruik om sy kant van die saak te stel. Dié het hy dan ook op geen dubbelsinnige wyse deur middel van 'n verslag gedoen nie. Hierdie optrede kan nie anders as prysenswaardig genoem word nie.**

## Tot siens karnaval

**Dit is reeds byna 'n kwartaal verby. Steeds word gepraat en gegis. Steeds weet niemand iets nie. Een raai hier en raai daar. Maar hier moet nou haas 'n streep onder getrek word. Hierdie situasie kan slegs deur die Studenteraad by wyse van 'n volledige verslag opgeklaar word. Hieroor voel die Wapad dit eens met die studente. Ons wag.**

## Vakansie

**Hierdie kwartaal het verby gespoed. Voor ons ons behoorlik kan regskud, was die slag gelewer. Vakansie maak mens opgewonde. Opgewondenheid bring mens altyd êrens. Waar presies is nie vooruitbepaalbaar nie. En spyt kom te laat. Laat u, mede-Pukke, ontspanning verantwoordelik wees. Laat ons verder hoop en glo dat gerugte wel hierdie keer gegrond is. Dié wil mos dat ons al Donderdag sluit — dink aan ons heel-middelike en geheelwaardelike vriende! Ons hoop.**




# *Hoe betrokke is ons dames?*

**IN die kollig plaas ek hierdie week die unieke wese van die dame, moeilike ding om in die kollig te plaas hierdie wese van 'n dame, want jy sal my nou nie glo nie, maar ek's van geboorte af, m.a.w. die afgelope 22 jaar al 'n dame en nog wil my spesie se wese nie stillê onder die kollig sodat ek haar deeglik kan fynkam nie.**

Ek weet wel:

— sy verskil liggaamlik van die andersoortige spesies. Sy's mooier, fyner, sagter . . .

— sy's fyn van gees. Sy ken die tuik van seisoene.

— sy's 'n moeder in haar diepste wese.

— sy kan sonder die manlike geslag nie klaarkom nie.

— sy's sterk — nie liggaamlik nie, nee, haar swak skouer dra die oorlogmanne-trane, haar tenger arm laai die sanna met „geloof, hoop, liefde".

Dit is party van die baie goeie dinge wat ek al weet van die dame. Dan is daar nog minder mooi dinge wat ek ook weet.

— sy's jaloers — nie op die man nie — nee, sy's jaloers op haar mede-dame.

— sy gun nie 'n ander dame haar voorverlede jaar se sleep wat sy lankal nie meer wil hê nie.

— sy gun nie 'n ander dame om in die huiskomitee te dien nie — waaraan anders sal ons die swartsmeer-veldtogte — Augustusmaande — toeskryf.

— sy onderskat haarself. Sy dink te min van haar eie opinie om dit op 'n massavergadering te noem.

— sy't nie vertroue in haar spesie nie: sy's nie bereid — en sy's onbetrokke.




om vir 'n dame te stem tydens 'n studenteraadsverkiesing nie — dink blykbaar 'n studenteraadsprekie is bo 'n dame se vuurmaakplek.

Ja, so onbetrokke is die Pukdame dat slegs ± 30% dames stemdag sal kan stem vir 'n damesverteenwoordigster.

So onbetrokke dat daar slegs een of geen dames op hulle studenteraad is.

So onbetrokke dat daar, anders as by mans waar die hele koshuis by wedstryde opdaag, slegs die sewe of elf lede van 'n span by wedstryde opdaag.

So onbetrokke dat sy nie eens weet daar is so iets soos studenteraadsnotules nie, wat praat nog van dit lees.

So onbetrokke dat sy nie weet hoe lekker dit is om betrokke te wees nie.

Ek sê nie, glad geheel nie, dat sy bo die man moet wees nie, seblief nie, maar ek pleit vir betrokkenheid, vir darem weet hoekom stuur hulle nou al ons manne grens toe.

## ? KLOKTORING

WATTER indruk maak trompoppies gewoonlik gedurende 'n jool of karnaval? Is dit nie dat hulle daar is om aandag te trek nie?

Is dit nie ook hoekom die Pukke van trompoppies gebruik gemaak het nie? Nee, hulle het nie net alleenlik van die trompoppies gebruik gemaak om aandag te trek nie, maar ook vir die feit dat meer kleur aan die karnaval gegee moes word.

My eerlike opinie is, dat die trompoppies hulle goed van hulle taak gekwyt het. Hulle was verantwoordelik dat die publiek meer as ander jare by die karnaval betrek was. Indirek het hulle tog vir 'n groot insameling gesorg. Graag sal ek wil weet watter ander nommer wat aangebied was, het die meeste aandag geniet? Indien die mense wil eerlik wees, sal hulle moet erken dat dit die trompoppies was.

Aangesien die instelling van trompoppies nog baie jonk is op die Puk, moet ander universiteite nou baie afbrekende kritiek lewer. Wat die werklike bedoeling was, weet ek glad nie. Mens wil graag die vraag vra, of die trompoppies van die Pukke meer aandag sal trek as by ander universiteite? Sal dit miskien nie later tot suurdruiwe lei nie?

# Amoreus aktueel

**ALHOEWEL die akademie almal op die oomblik baie druk, werp die amoreuse sy van die lewe darem vir 'n paar van ons 'n ligpunt so tussen die boeke deur.**

Vir Pierre Grobler van Dorp en sy Karin van Rensburg werp dit 'n yslike ligkol, -die twee het onlangs verloof geraak. Baie geluk julle twee! Japie Grobler, aï is jou meisie 'n bietjie vér, moet jy darem nie dat jou kamermaat jou so verbysteek nie, jong.

Louis van Wyk en Ammie le Roux staan ook deur dik en dun by mekaar, of daar nou toetse is of nie! Rikus Pasch het ook nog nie belangstelling verloor by Elsa Kruger nie, terwyl Julieta Barnard en Eric van der Walt nog hard eet aan hul sak sout so tussen die onderwys- en regsboeke deur.

Bennie Hattingh loop Heide se drumpel deur oppad na Elise. Ons wonder nou net of daar nie ook een of ander tyd in ouer broer-Phillie se voetspore gevolg gaan word nie? Adriaan van der Walt moet net oppas dat hy nie dalk sy boeke té veel op sy skuif nie, of hoe Elsje?

Onthou die ligter sy van die lewe is net so belangrik soos die donker, somber sy van die akademie! Tot volgende weeken sterkte met die toetse en dinge!

Pata Pata

**A.S.B.-KONGRES**
**5 – 9 JULIE**
**U.P.E.-KAMPUS**
**Slegs plus minus R25**
**Afsonderlike ontwikkeling en inerafhanklikheid.**

# Uit die Woord

**Mattheüs 15, verse 21 tot 28. Oor die Kananese vrou.**

*Het u al gewonder of dit die moeite werd is om te bid? deur aan te hou bid, al lyk dit asof daar niks gebeur nie? Kyk dan net wat met die Kananese vrou gebeur het. Dit lyk asof alles haar probeer oorhaal om tou op te gooi — ja selfs om Here Jesus en tog hou sy aan.*

*Hierdie vrou was 'n moeder. Sy het 'n dogter gehad wat erg van die duiwel besete was. Moontlik het sy al alles in haar vermoë gedoen om haar dogter te help, maar tevergeefs.*

*Nou kom hierdie heidenvrou na Christus. Sy weet Hy is die Messias, die seun van Dawid. Sy weet dat dit net Hy is wat haar kan help.*

*As sy by Jesus kom, smeek sy Hom om haar dogter te genees. Maar wat doen Christus? Hy maak asof Hy haar nie hoor nie!*

*Sy hou aan om agter Jesus aan te roep. Dan sê Jesus vir haar, Hy is net gestuur na die verlore skape van Israel.*

*Die verlore skape van Israel was die Israeliete. Jesus kan nie nou aandag aan die heidene gee nie. Eers na Sy hemelvaart sal Sy apostels uitgaan en die Evangelie bring aan die heidene.*

*Weer laat die vrou haar nie afsit nie. Sy val voor Jesus neer en smeek hom. Maar Hy antwoord haar en sê: „Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie".*

*Die brood van die kinders, is die genade wat God aan Israel bewys, in Christus. Die kinders is die Israeliete.*

*Vir die Jode was die heidene hondjies. Wat Christus hier vir die vrou sê, is dat Hy nie nou al aan die heidene — wat niks van die ware God van Israel weet — Sy kragte en verlossing kan meedeel nie. Dit kom eers die volk Israel toe, die uitverkore volk van die Here.*

*Die vrou hou egter nie op om Jesus te smeek nie. Sy wil nie die brood van die kinders hê nie. Nee, sy wil net van die krummels hê wat van die tafel afval.*

*Nou tree haar geloof skitterend op die voorgrond.*

*Christus het haar afgewys, maar sy het aan Hom vasgehou.*

*Die antwoord van hierdie vrou het Hom nie verbygegaan nie. Hy het haar smeekgeroep verhoor!*

*Die geloof van hierdie vrou het die vuurproef glansryk deurstaan. Sy kry dus wat sy begeer en Christus prys haar geloof omdat dit so standvastig was.*

*Hoe moes haar blydskap nie ten hemele gestyg het toe sy by haar tuiskoms haar dogter gesond aangetref het nie?*

*Hierdie vrou wat net krummels gevra het, se geloof is heerlik bekroon.*

*Hoeveel meer besit ons nie in Christus nie?*

*As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het. Hoe sal Hy nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?*

# Briewe: ons dink, ons skryf...

## *Waar is Koos Kaffer?*

Geagte redakteur,

Maande al soek ek naarstig(l)ik na die Tuisland Tarentalia se posadres of telefoonnommer. Na 'n vrugtelose soektog, wend ek my nou tot „Die Wapad". Ek vertrou dat u hierdie brief sal plaas en die versaaklike kabinet hierdie oppe brief sal sien en ter harte sal neem:

Geagte burgers, soos u seker bewus is, het ons geliefde rustgebied, Tarentaal, op 18 Augustus 1972 amptelik 'n tuisland geword. Ek moet eintlik 'n traan wegpik as ek terugdink aan daardie roemryke dag, geliefde burgers, toe ons geliefde burgemeester met sy swart gestalte, ons eerste amptelike hoofminister geword het. Ek praat nou van Koos Kaffer Kruger — die swarts het mos altyd sulke prominente rolle waar 'n staat ontstaan.

Die pad na selfbeskikking vir Tuisland Tarentalia was uitgestippel . . . ons het van krag tot krag gegaan en selfs besoek ontvang in '74 van die sentrale regering in die persoon van sy edele minister Connie Mulder.

Maar burgers, wee die dag as ons ons vryheidsideaal vergeet en langs die pad van Tarentalia gaan lê! Weet u, in Oktober word een van ons mede-tuislande, die Transkei, onafhanklik. Dink u nie dat ons as tuisland ook moet vra om volle selfbeskikking nie? En as hulle dit nie gee nie, UDI ons, vat ons dit.

Die wêreld mag wel beswaar hê en sê ons is nie lewensvatbaar nie. Maar ek sê u vandag dat ons ekonomie gesond is (vergelyk al die tarentaaleiers, doorekstrak en drakesegge wat ons uitvoer!) en daar is hoevele ander state wat kleiner as ons is (dink maar aan San Marino, Monaco en die Vatikaan!).

My voorstel behels die volgende — ons roep so teen Augustus—September onsself uit as Republiek Tarentalia — miskien sommer op die geskiedkundige 18 Augustus! Ons huidige hoofminister sal dan oornag Eerste Minister word. Die oud-burgemeesters en oud-hoofministers kan ook genooi word deur middel van die PU vir CHO, ons tuisland se enigste universiteit, se „PU-Kaner". Ons kan selfs 'n groot aksie reël vir ons agbare president, B. J. Vorster. Dit sal hom ook pas, omdat die baie reëlings van die Transkei se onafhanklikheid nog nie so druk sal wees nie.

Nou mag die vraag miskien in u harte leef: hoekom so haastig? Indien ons gou 'n Republiek word, sal ons die *eerste* tuisland wees wat onafhanklikheid verkry — selfs voor die Transkei. Verder is dit in die lente broeityd, sodat dit die ekonomie kan strem as daar dan onafhanklikheid verkry word. In Augustus sal dit 'n FEES wees.

U mede-tarentaalburger,
ETULO KRüGER.

(Naskrif: Oud-Tarentalers wat in die RSA woonagtig is, sal outomaties burgers van die nuwe Republiek Tarentaal word by onafhanklikheid).



Hier is Koos Kaffer in al sy glorie.

## Ek kla

GEAGTE REDAKTEUR, Nou het ek beslis iets om oor te kla. Dit lyk mos hoeka of ons net skryf as ons wil kla, dis seker die rede waarom ek vir u skryf. 'n Ander rede is die akademie wat druk. Hoe dit ook al sy, die rede vir my skry we is dat die mans altyd so lank moet wag by die deure van die koshuise as hulle afgekondig het vir hulle asters. Verstaan my mooi, die mans maak afsprake met vasgestelde tye, maar dit laat blykbaar weinig indruk op die dames.

Geagte Redakteur, verstaan my mooi, ek wil nie baklei nie, maar wat te erg is is te erg. Kyk, ek wag nou die dag 'n volle 35 minute vir 'n meisie nadat ek 'n spesifieke afspraak met haar gemaak het. Nou vra ek u, is dit reg? Wat sê u?

'n Ander sy van die sakie is dat indien 'n ou net tien minute laatkom, dan groet die meisie hom met 'n goeie middag of goeie naand afhangende van die oggend of die middag waarin hy opdaag. „Nogal Vies" — (Miskien is 'n oplossing om voor vertrek by die huis te bel en haar dan te voorder! Red.)

## Kritiseer karnaval

GEAGTE Redakteur: Gun my asseblief d:e geleentheid om 'n paar dingetjies wat na my mening nie heeltemal bo verdenking staan t.o.v. die karnaval nie, te kritiseer.

Eerstens die manier van puntetoekenning. Daar bestaan geen vasgestelde reëls waarvolgens punte toegeken word vir kompetisies nie. Hier verwys ek spes:fiek na die puntetoekenning vir 2de en 3de plekke in die onderskeie kompetisies.

Ten tweede dink ek nie dit is reg dat die hele puntetoekenning, en veral die metode daarvan, aan almal duidelik gemaak is nie. Derdens net ook dat d:e reëls (indien mens dit so kan noem), nie konsekwent toegepas is nie. Hier verwys ek na die reël i.v.m. die driewiele — een wiel voor en 2 ewe groot wiele agter. Verder wil ek net vra of die Wapad dan bang is om standpunt in te neem en hoekom u dit tot nog toe nie gedoen het nie. Ek het wel hierdie brief geskryf, maar u sal dit seker nie plaas n:e en buitendien lig ek my hoed vir u indien u koerant standpunt kan inneem en u kan antwoord op my vrae sonder enige sluwwighede.

„Ontevrede"

(Wat u enkele vraag betref verwys ek u na die Wapad van 4 Junie '76 en dis nou geen sluww:ghede nie; so lig maar u hoed; Red).

# Ek wonner maar net...

GEAGTE REDAKTEUR,

Ek't op iets afgekom wat my beginne pla het. Nou-ja, nou'ie dag loop vat ek my koers biblioteek toe. Bietjie loop werk. Eers ruil ek my tas in vir 'n kaartjie. Nes by 'n swembad. Toe loop sit ek doer eenkant. Agter 'n ou meisietjie. Sy's toe fl flink aan't werk. Ek nog nie. Bekyk haar toe so-so. Toe meet ek haar aan vanmelewe se standaarde: hare netjies blink gekam. Mooi effentjies gegrimeer. Hande en naels albei goed na omgesien. Knieë teenmekaar. Voete binne-in die skoene. Toe weet ek. Voor my sit 'n ordintlike meisie.

Maar dis al of iets hinder. Wat weet ek toe nie. Maar dit bly my al by. Dis daardie gehoelentheid wat mens eenmaal nie loop afgeskud kry nie. Ek kyk en ek wonder. En ek wonder en ek kyk. Maar alles verniet.

Maar skielik toe het ek hom. Twee dinge wat nie pas nie. Ek weet sommer net. Dis soos 'n siek hond en 'n gesonde hond. Pas glad niks bymekaar nie. Dan het die sieke al die gewoonte om die gesonde aan te steek. Plaas dat dit nou andersom gewees het. Dit bly twee goed wat nie pas nie. Dit is die ordentlike meisietjie en 'n stukkende-losblaaiboek.

Nou kyk, daar hinder dit my toe. Toe weet ek. Aan die werk gaan ek nie nou kom nie. Eers moet die twee dinge bymekaar gesit word. Dis toe dat ek opstaan. So vlak by haar gaan ek staan. Toe vra ek hoekom. „Nuut gekoop, swak gebind." Dis al. Maar dis genoeg. Dit gee mens grond om op te begin bou. So werk 'n redenasie mos. Eers dink mens net alles uit. Dan wonder jy so 'n bietjie oor elkeen. Dan beginne jy te werk met dit wat jy het. Die dat ek toe beginne sien hier is 'n lelike ding wat so tussen ons studente rond rondloop.

Kyk, die ding werk so: Aan die begin van elke jaar kom nuwe outjies „varsity toe. Hulle hoor van boeke wat hulle moet hê. Nou die wat al weet koop niks. Maar die wat nog nie weet nie, koop als. Dis hier waar die vuil speletjie kop uitsteek. Die dosent staan en sê dat boeke die slegte gewoonte het om uitverkoop te raak. Nou vlie almal weg en loop koop als. Kyk, dis 'n hou onder die belt.

Hier moet mens nou verder redeneer. Mens moet alles mos enduit vat anders beteken als niks. Kyk dis nie die einde nie. Nou kom die ous agter hulle gebruik nooit die boek nie. Wat nou? A, dink hulle, volgende jaar verkoop ek hom. Nou gaan die vuilspel verder.

Die volgende jaar se outjies weet nou nog nie. Dankbaar koop hulle hier, spaar hier, koop daar en spaar daar. Nou beginne die vuilspeletjie ernstige afmetings aanneem. Die dosent loop staan en sê hulle moet uitgawe so-en-so koop. Die ander is verouderd. Wat nou? Dubbeld gekoop. Dis wat. Goed, nog 'n hou onder die belt.

Nou moet mens verder onthou alles word duurder. Net die grootkoppe kan kop bo water hou. G'n student is 'n grootkop nie. Almal werk nou saam om die nuwe outjie te help sink. Dis lelik.

Maar goed. Vat die sakie nou verder. Kyk, sê die uitgewer, my simpatie lê by die nuwe outjie. Alte maklik kan hy 'n rekening oopmaak. Ook gee ek boeke met slapbande uit. Dans dit goedkoper. Goed, gee ek toe, dis die uitgewer se rondte. Net toe loop kyk ek weer 'n slaggie na die meisietjie se slapbandboek. Gehawend. Kan hom g'n stuk weer verkoop nie. Mens moet die losblaaie in 'n lêer sit anders waaie hulle weg. Om nou die volgorde te behou, sit mens die hele boek in 'n lêer. Waar kom die goedkoper nou in? Dis eerder weer 'n hou onder die belt. Dit raak nou alte lelik. Nou toe word dinge ewe skielik vir my heel duidelik. Mens kan g'n meer 'n tweedehandse boek koop nie. Dié wat jy wel te koop kry, is omrede mens dit nie gebruik nie. Dié wat jy wel kan gebruik, is in 'n lêer, nie te koop nie.

Dit laat mens opnuut wonner watter toekoms ons tweedehandse ou boekwinkeltjie het. „Wonner-Net"

## VERLAAG NIE DIE STANDAARD NIE, MAAR...

GEAGTE Redakteur: Na aanleiding van die ondersoek wat gelas is na die hoë druipsyfer van d:e eerstejaars, net die volgende:

Uit „Die Profeet" van Kahlil Gibran.

„Geen mens kan aan julle iets openbaar
wat nie reeds half sluimerend in die
môreskemering van julle kennis lê nie.
D:e onderwyser wat tussen sy volgelinge
in die skaduwee van die tempel wandel,
gee nie van sy wysheid nie,
maar eerder
van sy geloof en sy liefdevolheid.
As hy inderdaad wys is, sal hy jou nie
gebied om die huis van sy wysheid binne
te tree nie, maar jou eerder lei na die
tempel van jou eie verstand."

Die dosente aan die Universiteit is almal ten volle gekwalifiseerd om lesings te gee, alhoewel hulle dit nie altyd op die beste manier aanbied nie. Ons as studente moet egter daardie verantwoordelikheid aanvaar om ons eie „huis van wysheid" te betree. Die standaard kan nie verlaag word nie, maar ons moet die uitdaging aanvaar, en werk daarvan maak!

Karin.
KARLIEN.

(Hier gaan dit om onderrig, nie om die onderrigter nie, die oogmerk was ook nooit om die standaard te verlaag nie — Red).

# Teleurgesteld in punte

GEAGTE Redakteur: Dit is teleurstellend om die punte wat met reklamesette en dié met kompetisies ingesamel is, op die totale puntelys te vergelyk. Reklamesette het soveel meer as kompetisies getel. Dit sou beter gewees het as punte toegeken was volgens die reaksie, bv. 'n donasie, van 'n ver plek wat gevolg het op 'n reklameset.

Dit is ook onverklaarbaar in die totale puntelys dat Klawerhof byvoorbeeld slegs 93 in die kompetisies gekry het. Indien die aankondigers n:e 'n fout begaan het, het hulle 81 gehad na die driewielwedren. Daarna het hulle die Idi-Amin-kompetisie, wapenkompetisie en vlotbou gewen. Dieselfde geld vir Karlien — hulle was in die dr:ewielwedren 50 punte agter Klawerhof met 31; daarna kry hulle 'n 2e plek in die wapenkompetisie en 3e in die vlotbou, tóg is hulle totale punte in die kompetisie slegs 35. Hierdie is twee voorbeelde, as daar 'n ondersoek gelas word, sal nog meer verkry word. 'n Koshuis soos Vergeetmy-n:e wat geen kompetisies gekry het nie, het gewen. Daar was té min kompetisies met geen punte vir deelname — dit kan daartoe lei dat 'n passiewe klomp Pukke 'n karnaval hou waaroor daar baie gepraat is, maar wat niks om sy lyf het nie. Is dit dan nog die moeite werd om klasse te massa om karnaval by te bring?

Karin. KARLIEN.

## Nuttige wenke

DAARDIE ou kassie in jou kamer is darem te vaal. Die boekrak lyk darem deesdae te oud en jy wens jy kan 'n nuwe skinkbord kry.

As hierdie gevoelens joune is, dan is dit hoog tyd dat jy aan „plak" dink. Wasbare plastiese plakpapier is by elke tweede winkel verkrygbaar en so maklik om te gebruik. In 'n japtrap kan dit daardie ou artikeltjie omtower tot 'n splinternuwe. As jy 'n kassie plak hoef jy byvoorbeeld nie die hele oppervlakte te dek nie. Plak net bo en aan die kante en verkry so 'n interessante effek.

'n Ander oulike idee is om oorskiet verf te gebruik. Gaan bedel 'n bietjie by die huis. Verf daardie ou meubelstukkie in 'n helder kleur soos oranje, grasgroen, goudgeel of bloedrooi en skielik lyk jou hele woonplekkie weer splinternuut.

## KOSHUIS INLIGTING

DIE Huiskomitee van elke koshuis moet so gou as moontlik 'n verteenwoordiger aanwys om op die redaksie van die Besembos te dien.

Elke koshuis kry vanjaar ten minste twee bladsye in die Besembos.

Die onderskeie koshuise moet self sorg vir die inhoud en uitleg van die bladsye. Die koshuis wie se uitleg die mees esteties bevredigend is is verdien R50,00 vir die koshuiskas.

Hierdie geld ook vir die dorpstudente. Die koshuisbladsye moet op Vrydag 25 Junie by die Sentrale Studenteraadskantoor ingedien word.

Elke koshuis kry een dubbelbladsy (behalwe die twee manskoshuise Caput en Hombré wat elkeen twee dubbelbladsye kry vanweë die grootte van die koshuis), waarop die volgende gegewens moet verskyn.

a. Die regte naam van die koshuis met die studentenaam tussen hakkies en ontstaansjaar moet enige plek op die LINKER BLADSY verskyn en kan in twee kleure gedoen word.

b. 'n Kort luimige koshuisverslag van ongeveer 14 getikte reëls op 'n A4 grootte tikpapier. (Daar mag geen spelfoute in wees nie.)

c. 'n Skets van die koshuisembleem moet op enige van die twee bladsye oorgebring word. Dit kan in twee kleure gedoen word wat dieselfde kleure moet wees as die waarmee die koshuisnaam geskryf word.

d. 'n Swart en wit foto van die koshuiskoerant se omslag (indien enige).

Alle koshuisverteenwoordigers wat aangewys gaan word moet op Dinsdag 8 Junie of Woensdag 9 Junie tussen 1.30 nm. en 3.00 nm. na die SSR-kantoor kom om die kaarte waarop die uitleg gedoen moet word te ontvang, en verdere probleme uit te stryk.

Die redaksie van die Besembos poog om vanjaar 'n jaarblad uit te gee wat verteenwoordigend sal wees van alle studente aktiwiteite op ons kampus gedurende 1976.

Dit moet 'n publikasie wees wat u graag sal wil besit. Help ons om hierdie doel te bereik. Ons vra u volle steun en samewerking waarsonder dit onmoontlik sal wees om die blad uit te gee.

Roelof Vorster
REDAKTEUR.

# Oor 'n beker koffie

## 'N BLAD (EKSKLUSIEF NET) VIR ONS DAMESKOSHUISE

### Vergeet-my-nie

EN hoe gaan dit nog hierdie week met al die Pukke? In Vergeet-my-nie blom ons op beide akademiese en sportgebied... sommer op alle gebiede! Op die hokkieveld is daar geen keer aan ons nie. Die dames kan sowaar 'n hokkiestok hanteer. Ons loop ook nog met 'n breë glimlag langs ons groot „akademiese reus".

Die sleep-aksies het ook nie minder geword nie. Inteendeel daar word gesê hulle swôt mos nou saam... Swôt of sleep — dit gaan jolig.

Volgens die vorige Wapad lyk dit of die karnaval-uitslag nou 'n ander kleur het en is daar dan ook gerugte dat sommige kampusbewandelaars dit „vreemd" vind dat koshuise soos Kulu en Klawerhof nie met die gesogte prys weggestap het nie.

Al was ons stil op TV en op die kampus, het plekke soos o.a. Johannesburg en Durban baie van ons geweet. So, al het julle ons hier rond nie gesien nie, was ons tog baie besig en bedrywig. Ons het geregistreer en GEDOEN.

Nou ja, Karnaval gaan nie net om 'n groot totaal nie. maar wel om die gees VOOR, TYDENS EN NA karnaval en op hierdie gebied loop Vergeet-my-nie definitief nog ver voor.

### Wag-'n-bietjie

ELKE dag verbaas ek my meer oor die unieke klein wêreld waarin ons ons bevind tussen die mure van Wag-'n-Bietjie. 'n Wêreldjie enig in sy soort, vol van die enerse anerse dae, elk geval met sy eie eenmalige verwikkelinkies.

As eerstejaars het ons saam begin. Elkeen gebrandmerk deur die wêreld waaruit hy ontsnap het. Die oordeel en vooroordeel van agtien jaar in agtien wêrelde naak in elkeen se oë. Oë wat saam in klein vertrekkies en nóú gangetjies gedruk is om mekaar te weeg en te vind.

Die tyd het verbygegaan en gaandeweg het ons nie net die produkte van ons eie wêrelde gebly nie, maar ook die produkte van mekaar geword.

Miskien is dit daardie produk wat vandag so uniek is. Elke jaar kon daar weer tientalle wêrelde ingestroom en skaaf en skuur aan die eenheid.

Ons haat mekaar ,verskeur mekaar verwens mekaar en word lief vir mekaar. Ons is jonk en kinderagtig en ons groei en val terug, maar ons lewe.

Die stroom van die tyd moderniseer die reëls, die kleredrag en die gesprekke maar die stroom van die lewe bly steeds dieselfde deur die dekades (of altans ek dink so..)

Die ou mense het altyd gesê: „Jy kla nou so, maar eendag sal jy bly wees." Nou-ja, vandag is eendag. En ek is bly...

### KARLIEN

KARNAVAL was groot en Karlien se bydrae het sommer vir baie opwinding gesorg. Al moes ons koshuis met die vierde plek tevrede wees, was ons beslis eerste wat die gees betref het.

Karliendag van die 12e Mei — 'n mens kon dit sommer orals op die kampus raaksien. Die dames het spoggerig in rooi klere rondgeloop en baie mans het die voorreg gesmaak om 'n rooi Karlienblom op die lapel te dra. Die rooi Karlienhoedjies het Karlien se dames laat uitstaan bo al die ander — en baie moes maar gedwee dié waardevolle besitting afstaan aan een of ander „Karlienbewonderaar."

Jammer Pukke, ongelukkig was Vida nie regtig 'n fortuinvertelster nie — dit was maar net een van Karlien se baie oorspronklike karnavalsette — om van die begrafnis, die betoging en al die ander dinge nie te praat nie!

Die driewielresies was ongelukkig nie so geslaagd nie, maar volgende jaar gaan ons beslis wys wie is baas, of hoe Ansie? Karlien se wapen het die vaardigheid van die dames bewys.

Die hoogtepunt vir Karlien was natuurlik die kroning van die Karliendoedies. Die toeskouers het beslis saamgestem dat Karlien spog met die mooistes. Baie geluk aan die koningin, Annelise Stapelberg (jammer ouens sy sleep vas) en haar pragtige prinsesse, Annelize Geyser, Irene Knoetze en Carien Geyer. Julle het beslis die oog gevang toe julle die Vrydag op die kampus op 'n rooi Jaguar gery het. Dit was alles deel van die groot opwinding.

Die vlotbou saam met Caput was 'n fees! Dankie ouens, julle het beslis gehelp om dit vir ons 'n onvergeetlike Karnaval te maak. Ons twee vlotte het baie aandag getrek (om nie van die boemelaars te praat nie!)

Karnaval is egter nou iets van die verlede en met al die baie toetse voor die deur wens ons al die Karlieners sterkte toe.

Daar is darem nog iets om na uit te sien hierdie kwartaal, naamlik die koshuisfunksie die elfde Junie. Die Karlieners gaan dan met of sonder metgeselle na Truk se „The Sound of Music" kyk. Ons sien sommer baie daarna uit. Mooi loop tot later, Karlieners!

### Soetdorings

AS ek in die straat loop en iemand vra vir my watter manskoshuis die heel beste is op die P.U. sal ek sonder aarseling sê: Uitspan!

Uitspan is die wonderlikste manskoshuis, nie net om saam vlot mee te bou nie . . . daarvan kan Marietjie en Wietsche getuig...

Ons sê ons vlot was die beste en ons gees die beste — of hoe Klooster? Ons wil ons dank betuig aan die Ramkamp wat ons kom help „veg" het — net jammer dat ons die volgende môre van ons beddens tot by die deur moes geswem het.

Gelukkig het ons Klooster teruggekry deur twee manne te vang en gips mildadig te gebruik. Ons het soos 'n ongevalle afdeling gevoel! Een man se een been was in gips en die ander een se twee bene en een arm het gips omgekry. ('n Groot ongeluk — nê?!)

Uitspan, baie dankie vir die wonderlike braaivleis — dit was regtig 'n karnavaltyd wat op 'n hoë noot afgesluit is!



### KULU

„DATTE wij Kulu meischen zijn dat willen wij weten!" So weergalm dit deur die gang as die eerstejaars die seniors wakker maak vir 'n Groot Groot middernagfees — dis mos een van die dae Karnaval of dan nie juffrou? En so word jy wakker, met 'n stralende jaartjie wat jou omtrent aanhelp sitkamer toe, waar jy 'n groot beker vol bola skep en groot planne maak vir Karnaval '76. Groot planne vir min mense met baie woema om te werk vir Kulu en daarby alles te geniet.

En van die planne gepraat — wie sal dan nou nie omgee om voor Sunnypark te gaan borrelbad en saam met Crystal Cooper in 'n Pretoriase koerant te verskyn nie? (Of wat praat ek derdejaars?) So gaan dit die hele week van Kaapstad se kabelspoor tot by oom Fanus op die TV vir die Wik en Wen program. Daarby bestuur ons darem nog versigtig want Makouvlei en ons besluit toe ons leuse vir Karnaval is „Drive safely darling!" Al moes ons een aand kom brand blus tot Antjie se verdriet. Boonop spring ons en Thaba-Jäh aanmekaar met die kussings dat die vere waai, so erg dat ons oortuig was, dat daar hoenders in die vierkant sou opkom as dit die volgende dag sou reën.

Soos die tradisie is, is die Rektor weereens deur sy geheime agente in die koshuis op die Donderdag voor Karnaval huistoe geneem, en na ete weer terug vergesel. Nie sonder voorval nie, want ons geheime wapens het hard gewerk! (Raai raai?).

Nou lê allee agter die rug ons het mekaar leer ken, ons het ander mense leer ken en . . .?

ONS IS TEVREDE.



deVS61203/A

# SPORTFOKUS

## Pukke mik na die Neserbeker

DIE PUKKE het Saterdag op Oliënpark bewys dat die span wat vanjaar die Neser-beker wil wen hulle eers moet klop. Sowat van samespel was lanklaas op Oliënpark gesien, en nadat die manne gaan water drink het op 27—6, het die Pukke kat-en-muis met Strathvaal gespeel om uiteindelik 60—10 te wen. André Rossouw, jong losskakel van die Pukke, het 'n briljante vertoning gelewer. Daantjie Weitz het ook baie goeie spel op vleuel vir die Pukke gelewer. James Stoffberg het in sy eerste wedstryd na sy besering drie puik drieë aangeteken. Die Pukke het altesame twaalf drieë ingeryg en die ander drieë van die Pukke is aangeteken deur Daantjie Weitz (4), kaptein Dries Coetzer (2), Ben de Klerk, Koos Wentzel en Flippie Venter, elk een drie. André Rossouw het met 'n skepdoel geslaag, terwyl Sors Greyling met twee vervyfskoppe geslaag het. Dries Coetzer het ook met 'n straf- en vervyfskop geslaag. As die Pukke hulle kanse met skoppe beter benut het, kon die telling veel groter gewees het. Vir Strathvaal het Bertie Smith en Manie Kapp drieë gedruk, terwyl Dawid Strauss met 'n vervyfskop geslaag het.

## Groot netbal

'n Groot netbaltoernooi het plaasgevind op Saterdag 1 Mei op die Fanie du Toit.

Vol geesdrif is die wedstryde in die vroeë oggendure aangepak, maar vir almal het dit nie so goed gegaan nie. Hulle het besonder goed gevaar in die wedstryde wat elk tien minute geduur het.

Mededinging was baie sterk en die oorwinning wat behaal is, was nie maklik nie. Welkome verversings is aan die moeë speelsters verskaf. In die finale rondte was dit Heide en Klawerhof wat sake moes uitspook om 'n wenner te bepaal. Heide het besonder goed gespeel en Klawerhof moes op die ou end die knie buig teen 'n baie afgeronde span wat verdien het om die toernooi te wen.

Oor die algemeen het Heide goed gevaar die seisoen met hulle netbal en nog net een wedstryd verloor. Sterkte aan alle speelsters!

## AGT DAMES NA PROEWE

**ONS het drie dameshokkiespanne wat vir die Puk hokkie speel. Die eerste en die tweede spanne speel in die A-liga, terwyl die B-span in die B-liga speel. Die liga is nou byna halfpad en die spanne het tot dusver redelik gevaar.**

Agt van die dames het in die Wes-Transvaal proewe die A en die B spanne gehaal. Hulle is: Sanpat Coetzee (A), Mariaan Joubert (A), Thea Venter (A), Heila van Deventer (A), Lizette Uys (B), Celeste Casey (B), Cornelia Meyer (B), en Louise Strydom (B).

Gedurende die middelste week van die vakansie gaan die dames ook die S.A.U.-toernooi in Grahamstad bywoon. Die dames wat dit sal bywoon is Sanpat Coetzee, Thea Venter, Cornelia Meyer, Alta de Korte, Rinza Burger, Marita Erasmus Louise Strydom, Heila van Deventer, Karin Grobbelaar, Lizette Uys en Susan Malan.

Daar heers 'n aangename gees onder ons as hokkiespeelsters. Ons is ook in die bevoorregte posisie om 'n puik afrigter te hê, nl. mnr. Clive Ulyate, en hy is terselfdertyd ook 'n knap organiseerder.

## Jong Wes-Transvalers weer teen Weermag

**DIE jong Wes-Transvalers het verlede Saterdag daarin geslaag om die sterk span van die Weermag te verslaan met twintig punte teenoor sestien. Die span van die Weermag bevat lede van die Vloot, Lugmag en die Leër.**

Dit was 'n opwindende wedstryd wat puik spel aan beide kante opgelewer het. Die wedstryd se uitslag wat reg deur die wedstryd in die weegskaal. Daar was baie konstruktiewe bewegings aan albei kante, maar die Wes-Transvalers was net daardie bietjie beter en sterker as die Magte en die oorwinning is te danke aan goeie verdediging.

Vir Wes-Transvaal is drieë gedruk deur Weitz, Venter, Pretorius en Jacobs en twee van die drieë is vervyf deur Jannie Tiedt, die heelagter. Die magte se punte is aangeteken deur Lee Barnard, die losskakel, en Kobie Fenwick, die haker. Uitblinkers aan Wes-Transvaal se kant was Jannie Tiedt, heelagter, Rob Hankinson, haker, en André Markgraaf, slot.

Ses Pukke is in die Wes-Transvaalse span ingesluit. Hulle is Jannie Tiedt, Wynand Krone, Ben Bester, Johan Venter, André Markgraaf en Ben Zietsman.




## TUKS ROL DIE MATIES, MAAR MATIES DIE KEER BAIE SPORTIEF

MET die jaarlikse intervarsity — ekskuus, die vriendskaplike klubwedstryd — het Tuks met 18—7 bewys dat die 19—0 geen geluk was nie.

Miskien wel in die sin dat Maties se geluk lê in die feit dat hulle 'n 0 en toe 'n 7 kon aanteken.

Die Tukkies self was verbaas dat hulle 18 punte kon aanteken. Baie geluk!

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Oliënlaan 11, Potchefstroom.*

## Vyf voor twaalf vir Besembos

**DIT is reeds al vyf voor twaalf wat die BESEMBOS vir 1976 betref. As ons wil hê die Besembos moet vanjaar vroeg verskyn sal 'n groot aantal studenteverenigings, klubs en koshuise baie dringend moet saamwerk.**

Die laaste dag waarop foto's vir die Besembos geneem kon word is reeds verstreke. Aangesien die redaksie vanjaar 'n blad wil uitgee wat in alle opsigte volledig is, word die betrokke verenigings, klubs en koshuise wat nog nie foto's laat neem het of verslae ingedien het nie versoek om dit asseblief so spoedig moontlik te doen.

Daar is met Fotokuns reëlings getref om voort te gaan met die neem van foto's. Die einde van die kwartaal is egter in sig en dus moet reëlings vinnig getref word.

Soos reeds al vantevore genoem is, is daar voorsiening gemaak vir foto's van ALLE groepe wat onder die verskillende rade sorteer. Die foto's word vanjaar deurgaans in raampies geplaas wat klaar geteken is. Indien daar slegs een groep is wat nie 'n foto laat neem of nie 'n verslag met byskrifte vir die foto indien nie, sal daar 'n oop spasie wees wat nie gevul sal kan word nie. Dit is ook onmoontlik om die foto's en verslae wat ons wel ontvang het te hergroepeer.

Indien daar enige probleme is met die neem van foto's skakel asseblief Roelof Vorster by telefoon 5817 sodat die probleme opgelos kan word.

Daar is ook verskeie groepe wat reeds verslae ingedien het sonder om ook die name van die persone op die foto in die regte volgorde te vermeld. Kry asseblief die proewe van die foto's voor die einde van volgende week by Fotokuns en tik die name van die persone in die volgorde soos hulle op die foto verskyn. Dit moet in die Besembos posbussie by die S.S.R. kantoor gelaat word.

### KOSHUISE

Die koshuise word weer eens herinner aan die bladsye wat elke koshuis gekry het en waarvan die uitleg self gedoen moet word. Die koshuis wie se uitleg die beste is verdien vyftig rand vir die koshuiskas. Hierdie bladsye moet voor die einde van volgende week by die S.S.R. kantoor ingehandig word.

Maak asseblief by die kunswerk gebruik van soliede verf soos Pelikan Plaka. Dit sluit in die naam van die koshuis, koshuisembleem en gevalle waar van agtergrondskleure gebruik gemaak word.

Plak alle foto's aan die agterkant met twee kleefstrokies wat dubbeld gevou is aan die kaart vas sodat dit maklik verwyder kan word. Moenie vergeet om die naam van die koshuis agterop elke foto te skryf nie. Nommer die foto's asook die ruimtes waar dit geplaas word sodat die foto's na verwydering weer in die regte ruimtes teruggeplaas kan word.

Maak voorsiening vir die koshuisverslag en byskrifte vir die foto's op die uitleg soos aangedui in die aanwysings wat elke koshuis ontvang het. Hierdie verslae moet getik wees en moet afsonderlik ingegee word.

Die volgende verenigings, klubs en koshuise moet ASSEBLIEF DADELIK reël vir die neem van foto's. Dit is uiters dringend:

*ADMINISTRASIERAAD: Die Administrasieraad self, Karnaval Komitee, Advertensie Komitee, A.S.B. Projektekomitee, Pukkie-redaksie, Reklame Komitee, Tweedehandse Boeke Komitee, Sakboekie Redaksie, Werkverskaffingskomitee.*

*AKADEMIESE RAAD: Admissiebond, I.S.V.P., Wysgerige Vereniging, Gunsa Komitee.*

*KOSHUISRAAD: Die Koshuisraad Self, Thaba-Jäh (H.K.), Makouvlei (H.K.), Liberalia (H.K.), Heide (Koshuis en H.K.), Vergeet-my-Nie (Koshuis en H.K.), Uitspan (H.K.), Heimat (Koshuis en H.K.), Kulu (H.K.), Klawerhof (Koshuis en H.K.), Dorpstudente (Studente en Bestuur).*

*KORPSRAAD: Politika* (moet 'n aparte bestuursfoto neem), *KORPSSELLE: Die Voor, Dorp, Heide, Klawernooi, Kompleks, Kulu, Liberalia, Makouvlei, Soetdorings, Wag-'n-Bietjie, Wanda.*

*KULTUURRAAD: Kultuurraad self, Cinepuk, Fotiek, Voortrekkers, Ontspanningskomitee.*

*SPORTRAAD: Judo, Manshokkie, Pluimbal, Ringtennis, Krieket, Tennis.*

Ons vertrou dat genoemde verenigings ens. so spoedig moontlik die foto's sal laat neem en dat alle groepe wat nog verslae en foto-byskrifte moet indien dit dadelik sal doen.

Aan almal wat vinnig gereageer het en tot dusver saamgewerk het wil die redaksie van die Besembos hulle dank betoon. Ons vertrou dat ons van ons kant af u nie sal teleurstel met hierdie jaar se uitgawe van die blad nie.

**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

LINTAS SB/11737/[illegible]



# SPORTFOKUS



## *Vergeet-my-nie wen steeds!*

VERGEET-my-nie vaar die seisoen besonder goed met die dameskoshuis — hokkie. Vir die derde agtereenvolgende wedstryde het hulle geseëvier. Eerstens het hule Heide verniel met 'n telling van 8—0. Daarna was Karlien in die slag met 'n telling van 5—0.

In een van die taaiste wedstryde slaag Vergeet-my-nie weer daarin om Wanda met 3—0 te verower. Mens wonder of die oorwinnings nie dalk te danke is aan hulle nuwe hokkiedrag wat die jaar in gebruik geneem is nie. Doele is geslaan deur Susan van der Walt, Alta van der Westhuizen en Amanda Lochner.



## Westelikes behou rekord!

**IN 'n harde Presidentbeker-wedstryd tussen Westelikes en die Ibbies, het Westelikes hulle onoorwonne rekord gehou maar die Ibbies het bewys dat hulle geensins vir enige manne van die Neser A-liga hoef terug te staan nie.**

Westelikes het in die eerste helfte met sterk wind van agter, die spel oorheers. Die Ibbies het die meeste foute begaan wat deeglik deur die Westelikes uitgebuit is. Met rustyd het Westelikes voor geloop met 15—7.

Die Ibbies se spel het in die tweede helfte 'n groot verandering ondergaan. Dit was hulle wat die meeste planne gemaak het en die meeste inisiatief aan die dag gelê het. Hulle het dan ook die meeste gebiedsvoordeel geniet. By verskeie geleenthede was hulle uiters ongelukkig om nie punte aan te teken nie, by drie geleenthede is hul drieë nie toegeken nie. Die Ibbies het ook 'n stuk of ses geleenthede na die pale verbrou.

Ofskoon die stryd tussen die voorspelers hard en meedoënloos was, was daar geen sprake van vuil spel nie. Die lynstane en skrums het min of meer gelykop verloop. In die losskrums het die Ibbies aanvanklik gesukkel maar het gaandeweg verbeter en later die res van die spel oorheers.

Ook die agterlyn het na 'n wankelrige begin na halftyd reggeruk en redelik slaankrag en veral met goeie taktiese bewegings deur die voordeellyn gesny.

Vir Westelikes het Dawie van Schalkwyk en Daan Bardenhorst drieë aangeteken. Willie Bardenhorst het met twee strafdoele geslaag en Jimmy van der Walt het met 'n strafdoel van 65 m geslaag. Vir die Ibbies het Sarel Wessels en Willie Smith met drieë geslaag, asook Pierre Pieterse met 'n strafdoel.

## Wes-Transvaal-hokkieproewe

TYDENS die Wes-Transvaalse hokkieproewe wat verlede Woensdag gehou is, het die PUK se hokkiespeelsters hul duidelik gewys waartoe hulle in staat is. Nie minder as agt speelsters het daarin geslaag om die provinsiale A en B spanne te haal nie.

Vier dames het die A-span gehaal nl. Sanpat Coetsee, Heila van Deventer, Mariaan Joubert en Thea Venter. Vier het ook daarin geslaag om die B-span te haal nl. Louise Strydom, Cornelia Meyer, Lizette Uys en Celeste Casey. Dit is werklik 'n groot prestasie as in ag geneem word dat daar nege in die A-afdeling gespeel het en sewe spanne in die B-afdeling.

Die A-span sal 'n provinsiale toernooi vir A-spanne in Port Elizabeth bybring vanaf 28 Junie tot 3 Julie.

Die B-span se toernooi vind in Augustus plaas in Stilfontein. Die twee PUK-spanne is nog onoorwonne in die liga tot op hede na vier wedstryde in die eerste rondte. Daar lê egter nog vyf wedstryde voor.

## PUK-landloop

DIE eerste groot landloop byeenkoms hierdie seisoen het Saterdag plaasgevind op die P.O.K. sportveld. Alle provinsies behalwe O.P., W.P. en S.W.A. het deelgeneem. Wat so besonders was aan die byeenkoms is dat dieselfde voete wat gehardloop is, weer later gebruik gaan word vir die Suid-Afrikaanse kampioenskappe asook die S.A.U. kampioenskappe. Wat so besonders is van die voete is dat al die deelnemers deur die toeskouer gesien kan word vir die hele afstand sover as wat hulle hardloop vanaf een posisie.

Wat die uitslae betref, was daar geen verrassings gewees in enige van die wedlope nie. Koos Keyser van Transvaal het die mansafdeling gemaklik gewen. Die tweede plek is bo verwagting goed deur G. Shaw van Natal gewen wat Johny Halberstadt van Suid-Transvaal geklop het. Andries Krogman van W.P. wat weer vanaf 1 Julie vir W.-Tvl. beskikbaar sal wees, en Bonzet ook van W.P. sal mee rekening gehou moet word in die tweede Interprovinsiale wedloop wat in Durban sal plaasvind op 19 Junie.

In die vroue-afdeling het Sonja Santon van Natal maklik gewen met Sophie Thiebaut ook van Natal in die tweede plek.

Die junior-afdeling is deur N. Meintjies van die PUK gewen. Hy het baie ver voor die ander deelnemers geëindig.

Die ander PUKKE wat aan die wedloop vir senior mans deelgeneem het, het ook besonder goed gevaar. Die PUK se een staatmaker, Gert Dooreward, het nie deelgeneem nie want hy is nog besig om te herstel na 'n baie vermoeiende atletiek-seisoen.

# Koshuise veg nog om baaskap

## Dorp vs Drakenstein

IN 'n baie teleurstellende wedstryd het Dorp vir Drakenstein met 18-0 verslaan. Dorp het bykans reg deur die wedstryd gebiedsvoordeel geniet, behalwe vir die paar keer wat die skakelpaar van Drakenstein, Willie Welmann en Mader Postma, die Dorpenaars lelik laat skrik het.

Dorp het redelik vroeg in die wedstryd die eerste punte aangeteken toe Piet Viljoen 'n drie gaan druk het wat vervyf is deur Van Jaarsveld. Daarna het Drakenstein se verdediging goed gehou tot net voor rustyd toe Willie Welmann beseer is aan sy skouer en die veld toe moes verlaat het. Drakenstein se slaankrag was verlore en het Dorp die spel oorheers. Na halftyd het Gerhard Fick 'n drie gaan druk wat ook deur Manie van Jaarsveld vervyf is. Manie skop toe ook 'n strafdoel oor wat die telling toe op 15-0 te staan laat kom. Jobbie Oosthuizen het die wedstryd afgesluit met 'n mooi skepdoel wat die finale telling op 18-0 te staan bring.

## Overs vs Drakenstein

VANAF die afskop was dit die Blou truie wat die hef stewig in die hand gehad het in die tradisionele koshuisliga-wedstryd. Niks is gevra en niks is van albei kante gegee nie, wat ook bewys is deur die eindtelling. Die punte verskil van vier in Over de Voor se guns, is 'n bewys van die harde stryd wat deurentyd gewoed het.

Drakenstein, wat die eerste helfte van die wedstryd saam met die wind gespeel het, het eerste geleentheid pale toe gekry en loop met drie punte voor. Poon Grobler slaag toe met twee strafskoppe wat gevolg word deur 'n pragdrie van Sakkie Muller na 'n volle agterlyn beweging. Halftydtelling 10—3.

Na halftyd slaag Loekie Dreyer van Drakenstein weer met 'n strafskop en Poon Grobler sluit die wedstryd af met nag 'n strafskop.

## DAWIE DUP vs DORP

DIE eerstespan van Dawie Dup het in 'n harde en taai wedstryd daarin geslaag om die span van Dorp met 21—10 te klop.

Dorp het in die eerste helfte saam met die wind gespeel en ook die eerste punte aangeteken toe Manie van Jaarsveld met 'n strafdoel slaag. Kort hierna het hul losskakel 'n netjiese skepdoel deur die pale geklits. Met die afskop het Dawie Dup die bal gewen en tot in die kwartgebied van Dorp gevorder en uit 'n losgemaal het Buks Bisset vir 'n drie langs die pale oorgegaan. Dak Koekemoer het vervyf en die rustydtelling was dan ook ses elk.

Kort na halftyd het heelagter Hugo Lindenberg van Dawie Dup op sy eie 'n drie gaan druk nadat hy die bal vorentoe geskop het, dit self gevang het en dit weer veld op geskop het om dit nog 'n keer tussen twee Dorp spelers raak te vat en in die hoek oor te gaan. Dak Koekemoer het die doelskop netjies tussen die pale deurgestuur om die telling op 12—6 in Dawie Dup se guns te bring. Dak het die telling verder opgeskuif toe hy met 'n strafskop van goed veertig meter geslaag het.

Dorp het nie gaan lê nie en het met verwoede rugby voren-dag gekom. Hulle het ingeklim vir al wat hul werd was en Dawie Dup moes net keer. Dorp se een vleuel het dan ook 'n aanskoulike en welverdiende drie gaan druk toe hul teenstanders nie al die gate kon toestop nie. Van Jaarsveld se doelskop was mis en die telling het op 15—10 te staan gekom.

Dorp het nou die een aanvalspoging na die ander geloots en het binne die halfgebied van Dawie Dup geboer. Fanie Gericke, losskakel van Dawie Dup, het opeens vir Dorp met 'n manjefieke skop tot 'n meter van hul doellyn teruggejaag. Toe skrumskakel Jannie van Rensburg oorgaan vir 'n drie, was die koeël deur die kerk vir Dorp. Dak Koekemoer het weer eens nie 'n fout gemaak nie en die bal sekuur deur die pale gestuur om die telling op 21—10 in Dawie Dup se guns te bring.

## CAPUT vs HOMBRÉ

DIE ligabeker gaan nie van jaar sommer oor die spoor nie! Dit het die vyftien omgekrapte Hombré-manne onder leiding van Schlebusch te kenne gegee deur Caput met 6—4 te klop.

In die begin wou dit lyk of die swaarder agttal van Caput vir Piesang en sy sewe helpers, gaan onderkry, maar van lê wou dié voorspelers nie. Maar 'n feit wat soos 'n paal bo water staan is dat die groen en wit truie nooit gaan lê het nie, en het tot in die doodsnikke van die wedstryd die Hombré ondersteuners laat naels kou met hul avontuurlike spel.

Vir die eerste twintig minute was dit Hombré wat Caput onder druk geplaas het, maar hulle het gaan lê tot rustyd terwyl Caput weer verwoed aangeval het. Na rustyd was dit weereens Hombré wat die meeste aanvalswerk verrig het, maar steeds het Caput se verdediging gehou tot baie diep in die tweede helfte toe 'n lynstaan baie na aan die doellyn van Caput plaasgevind het. Johan de Jager van Hombré het voor om die lynstaan gebars 'n drie gaan druk wat vervyf is deur Ben Raubenheimer. Net daarna het Caput se agterlyn skitterend die bal gehan teer en 'n drie gedruk wat nie vervyf kon word nie.

Hombré se tweedes het hier op voortgebou en vir Caput oortuigend met 21 — 3 verslaan.

## Wes-Transvaal tennis

DIE tweede grootste tennis toernooi naamlik die Wes Transvaal Ope, is gedurende die naweek gespeel. Te midde van bekende en befaamde tennisspelers het die Pukke wat deel geneem het, heeltemal skaflik gevaar.

Die Campher-broers, Botha broers, Bennie Hattingh, Henry Jacobs Mariette Schoonraad en Mariana Smit van die PUK het deelgeneem.

Die mans enkels is gewen deur Springbok Deon Joubert. Die dames enkels is gebuit deur Annette du Plooy — tans lid van die Federasiespan.

Daar was 107 inskrywings en die Camphers het daarin geslaag om eers binne die eerste 32 spelers te verloor. Hulle beste wedstryd was die dubbelspel teen Ruan Kruger en Johan Theron van Noord-Transvaal waarin hulle na 'n baie gelyke op stryd na drie stelle verloor het.

Die mans dubbels is gewen deur Deon Joubert en Micky Styles, 1974 se gesloten S.A. kampioen. Die dames dubbels is gewen deur Annette du Plooy en M. van Zyl. Die gemengde dubbels is gebuit deur Fanie Campher en C. van der Walt.

Die prys vir die beste Wes Transvaal speler word gedeel deur Pieter en Fanie Campher.